Die DWAASHEID van die EVANGELIE van JESUS CHRISTUS

P.J. Stassen

Die Dwaasheid van die EVANGELIE van JESUS CHRISTUS

Die Dwaasheid van God
… Wyser as die Wysheid van die Mens

Kopiereg © 2025 PJ Stassen
Alle Regte Voorbehou

ISBN: 978-1-83492-051-1

PJ Stassen
CENTURION
Suid Afrika

Toegewy aan

Pieter Stassen
1978-1978

Ons Eersgeborene Alreeds By Jesus

The song is ended, but the memory lingers on.

(Irving Berlin, 1888-1989)

ERKENNING

Bybel (AOV: Afrikaanse Ou Vertaling).
E-Sword.Org.
Myra Brooks Welch, 1878-1959: 'The Touch of the Master's Hand'.
Nave's Topical Bible.
Stassen Argiewe/Grok Insights
Young's Analytical Concordance to the Bible.

INLEIDING

Een van die vele kosmiese geheimenisse waarmee ek dikwels worstel is hoe God na enige mens kan kyk en onmiddellik die skeppende, goddelike potensiaal in so 'n persoon sal herken, soveel so dat daardie persoon gered kan word en in 'n waardige hemelse burger getransformeer kan word, ten spyte van die persoon se oorvloed van geskiedkundige sondes, misdade teen die Hemel, sy morele, sosiale en kulturele flaters, en vele ander (dikwels afstootlike) mislukkings en indiskresies teenoor God en sy medemens.

Ek bedoel, ek verstaan deeglik dat God die wêreld so lief gehad het dat Hy Sy eniggebore Seun vir die sondes van die wêreld gegee het; maar, dat Hy werklik Sy lewe sou gee vir 'n lieplapper soos ek? Het God selfs lieplappers lief gehad? Sien Hy werklik Sy weg oop om 'n lieplapper soos ek, d.i., die spreekwoordelike "onaanraakbare" sondaar, ook te red en te transformeer? Ongelooflik!

Dit word vertel dat elke mens, wel … ten minste daardie persone met 'n siel, teen die einde van hulle lewe 'n 'Lewens-Terugblik' gaan ervaar, hetsy aangevuur deur sy eie kritiese, neurologiese rusteloosheid of, dalk deur die Skepper Homself. Dit is 'n vreesaanjaende, onstellende beproewing, d.i., om jouself vir die eerste maal in dekades, deur middel van die genadelose ultraviolet en ononderhandelbare lig van jou eie kritiese gees, of God se ondersoekende Gees, met al die verleentheidwekkende (metafóriese) plooie en vratte, wat oor die jare heen so sorgvry versamel was, so skaamteloos ontbloot te sien!

Meeste van ons het teen hierdie tyd gesien hoe verspot honde, gekonfronteer met hul eie beeld in 'n spiëel, soms kan optree: Geskok, verbaas en gereed om te baklei. Interessant genoeg sal die Chimpansee naderstaan en dit ook selfs waag om sy eie weerkaatsing onthuts deur die gesig te klap, om te draai en in konsternasie weg te hardloop met groot fanfare.

Teen daardie agtergrond het dit my opgekom dat, sou ons 'n siel gehad het, of enige goeie lewensbesef, ons ook met konsternasie in daardie selfde spiëel sou gestaar het en, totaal geskok en oorbluf, onsself ook deur die gesig sou geklap en weggehardloop het. Ons lag vir die onnosele honde terwyl ons vergeet dat 'n hond selde of ooit die hand sal byt wat hom voed, terwyl ons, die moderne, beskaafde gesofistikeerdes, dit dikwels aan 'n vriend sal doen sonder om tweekeer te dink.

Dit word vertel dat Mark Twain honde baie hoog aangeslaan het, wesens wat, vir hom, die verpersoonliking was van daardie kritiese deugdes waaraan ons as mens so dikwels ontbreek. In 'n 1903 brief skryf Mark Twain toe soos volg, *"The dog is a gentleman; I hope to go to his heaven, not man's."*

Hierdie sentiment (omtrent honde en die hemel) onderskryf die vermoede dat honde oor 'n morele suiwerheid beskik wat grootliks ontbreek in die mens, d.i., lojaal, onselfsugtig en vry van skynheilige dubbelhartigheid. Dit is nietemin interessant dat C.S. Lewis opgemerk het dat, alhoewel honde van geaardheid wel lojaal is, hulle egter lojaal is teenoor hulle meesters, en nie teenoor ander honde nie!

So het dit toe so gebeur dat ons, soos die Bybel leer, slegs deur die "dwaasheid van die Evangelie" ooit gered sal kan word; deur *menslike dwaasheid* het ons geval … deur *Goddelike dwaasheid* alleen sal ons gered moet word.

Aan die einde van die dag en, nadat alles gesê en gedoen is, verteenwoordig Christus se redding van die sondaar (uit die rioolput van ongeregtigheid, onkunde en ongeloof) 'n groter wonderwerk as sou die Titanic wonderbaarlik uit sy watergraf na bo, ten aanskoue van die ganse mensdom, gebring kon word.

P.J. Stassen
Centurion
SUID AFRIKA.

Julie 2025.

INHOUD

Inleiding 5

1. Die 'Nuwe Ateïsme' Verwerp

2. Die Botsing van Vier Beskawings

3. 'n Terugstel van die Katolisisme

4. 'n Terugstel van die Calvinisme

5. 'n Terugstel van die Progressiewe Christendom

6. Saligheid uit die Jode

7. Die Sending en Profesieë van Jesus Christus Geregverdig

8. Die Wonder van Geloof en Sekerheid

9. Die Dwaasheid van die Evangelie van Jesus Christus

Aanhangsel A: Name & Titels van Jesus Christus

Aanhangsel B: Aanbevole Leesstof

Outeur Profiel

Hoofstuk 1

DIE NUWE ATEÏSME VERWERP

ATEÏS:
Daardie Persoon wat nie in Absolute Waarheid glo nie, behalwe natuurlik vir die absolute waarheid van Ateïsme.

Die vraag kom dikwels op: Waarom wil ateïste nie die Evangelie aanvaar nie? Redes is dikwels veelvuldig, waarvan sommige hieronder bespreek word.



1. **WAAROM ATEÏSTE EN SKEPTICI NIE DIE EVANGELIE VERSTAAN OF AANNEEM NIE.** Basies is daar drie hoofredes:

1.1 **Die ateïs is waarskynlik nie wedergebore nie.** Ateïste en skeptici mag moontlik nie 'wedergebore' wees nie, en kan dus nie die koninkryk van God (soos oorvertel deur Jesus Christus in Sy verduideliking van die Evangelie) sien, ontdek of verstaan nie; dit is met ander woorde van kritiese belang dat so 'n persoon wedergebore moet wees om te verstaan. Die Bybel leer:

> *"En daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, 'n owerste van die Jode. Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie. Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie."*
> [Johannes 3:1-5AOV].

Teoloë verwys na hierde fenomeen (van 'wedergeboorte') as 'geestelike regenerasie'. Die Bybel leer:

> *"Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees."*
>
> [Johannes 3:6AOV].

1.2 **Die 'Natuurlike Mens' vind dit onmoontlik om die Evangelie te verstaan.** Die Evangelie van Jesus Christus kom oor na die ateïs en die skeptikus as 'dwaasheid' waarskynlik omdat dit geestelik (en nie met die fisiese intellek of verstand nie) onderskei moet word. Die Bybel leer:

> *"Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word."*
>
> [1 Korinthiërs 2:14AOV].

Die 'natuurlike mens' sal dus vanselfsprekend en intuïtief die Evangelie as verspot wil takseer, en, tensy hy hom bekeer en die Evangelie glo, hy waarskynlik in die Ewigheid van God se teenwoordigheid en heerlikheid afgesny sal wees. Die Bybel leer:

> *"Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God."*
>
> [1 Korinthiërs 1:18AOV].

Daarom die ernstige aanmoediging van Jesus self:

> *"Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie."*
>
> [Johannes 3:7AOV].

Die enigste ding wat in die pad staan van God se Reddende Genade is *trots,* en nie 'n gebrek aan (akademiese of teológiese) kennis nie. Nederigheid, d.i., die tipe nederigheid wat die woorde, karakter en bona fides van Jesus Christus in kinderlike geloof aanvaar, het 'n groot beloning, aangesien, sonder geloof, dit onmoontlik is om God te behaag. Die Bybel leer:

> *"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is [BESTAAN] en 'n beloner is van die wat Hom soek."*
>
> [Hebreërs 11:6AOV].

1.3 **Geloof ontsluit Begrip.** Omdat ateïste en skeptici weier om die Evangelie in goeder trou te aanvaar, beskik hulle oor 'n gesindheid wat hulle daarvan weerhou om die Evangelie te verstaan. Omdat ons nie Eerste Eeuse vissermanne is wat persoonlik saam met Jesus gewandel het nie, het ons daarom geen ander keuse as om die bona fides van Jesus Christus, gefundeer op Sy prestasies, onkreukbare reputasie, bewese morele gravitas en transformatoriese históriese impak op die wêreld deur die eeue heen, in kinderlike geloof en in goeder trou te aanvaar nie.

Geloof (en nie om te 'sien') *ontsluit begrip,* d.i., verteenwoordig geestelike regenerasie. Die Christen se pelgrimsreis na die Ewigheid begin met sy *bekering uit* die *heidendom van ongeloof* na die *glo van die Evangelie.* Die Bybel leer:

> *"En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie."*
>
> [Markus 1:14-15AOV].

> *"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word."*
>
> [Romeine 10:9AOV].

2. **PROMINENTE ATEÏSTE WIE DIE FILOSÓFIESE LANDSKAP BEDERF.** Hier volg 'n samevatting van die wêreldbeskouings van sommige van die mees prominente ateïste vandag, soos afgelei vanaf hulle openbare praatjies, lesings en uitsprake:

2.1 **Bertrand Russell.** 'n Filosoof wie godsdiens as onbewese en skadelik bestempel het. Volgens hom beskou hy die geloof in God as gewortel in vrees en tradisie, en nie in die rede (intellek) nie, d.i., soos hy beskrywe het in sy boek, *Why I Am Not a Christian,* dat enige bewyse vir 'n goddelike wese ontbreek, en dat moraliteit by die mens nie noodwendig nodig het om op 'n goddelike basis te berus nie. Alhoewel hy streng gesproke 'n agnostikus was, het hy geleef en opgetree as 'n praktiese ateïs.

Mens wonder egter waar hierdie magiese "moraliteit" van die mens as sodanig sou vandaan kom in die eerste plek; of, waar kom sy "intellektualiteit" nogal vandaan … deur homself geskep en gegenereer? Wie het sy brein geskape?

2.2 **Richard Dawkins.** 'n Bioloog en uitgesproke kritikus van godsdiens, beweer Dawkins dat God se bestaan as 'n wetenskaplike hipotése misluk as gevolg van zero empiriese getuienis. In sy boek, *The God Delusion,* beskrywe hy 'geloof' en godsdiens as, *"'n bron van verdeeldheid",* terwyl hy 'Evolusionêre Naturalisme' (Darwinisme, of 'Wetenskaplike Panteïsme') as 'n voldoende vir die verklaring vir die verskynsel van lewe op aarde voorhou. Hoekom dan 'Wetenskaplike Panteïsme"? Omdat hy glo dat die blinde, breinlose 'Evolusie-god' regdeur die Kosmos aan die werk is met die toevallige, natuurgedrewe wetenskap-opdrag van magiese skeppings-aktiwiteite.

Mens wonder weereens waar hierdie magiese "Evolusionêre Naturalisme" in die eerste plek vandaan kom. Dawkins verwerp Godsdiens ('Religion')as "boos", maar dan gaan hy voort en verkondig sy alternatief van 'n tipe primitiewe Babiloniese godsdiens, oorlewering en

bygeloof in terme waarvan die eerste biológiese lewe, magies en heel toevallig, uit 'n antieke, primordiale poel van kuil-skuim ontwaak het, sonder dat hy verduidelik waar die primordiale poel-skuim vandaan gekom het in die eerste plek.

2.3 **Christopher Hitchens.** 'n Skrywer en polemikus, is Hitchens geneig om die godsdiens in sy boek, *God is not Great,* as mensgemaak en oppressief te beskryf. Hy beskou geloof in God as die prysgee van die rede, met die argument dat moraliteit van "menslike empatie", en nie sodanig vanaf 'n goddelike opdrag van Bo, afkomstig is; en geniet dit dus om daaroor te debatteer om die dogma se "foute" te ontbloot.

Mens wonder egter waar hierdie magiese "menslike empatie" in die eerste plek vandaan kom. Nietemin, die Christen, inteendeel, is andersyds eerder geneig om te glo dat die mens eers werklik sy rede ontdek die oomblik wanneer hy die kosmiese voogdyskap van die superlatiewe rede van die Skepper van Rede aanvaar, daarom die Babelse verwarring onder ateïste wie (sonder die ondersteuning van die superlatiewe rede van die Skepper) almal rondhardloop met 'n potpouri van 'n verskeidenheid soorte, kleure en geure van Ateïsme modelle wat almal van mekaar verskil.

2.4 **Daniel Dennett.** Dennett, 'n filosóóf wie konsentreer op die bewussyn van die mens, sien die godsdiens as 'n natuurlike fenomeen, d.i., nie as Goddelik of Bonatuurlik geïnspireer nie. In sy boek, *Breaking the Spell,* behandel hy die geloof in God as 'n "kulturele artefak" wat deur die wetenskap gedissekteer kan word, terwyl hy die bonatuurlike as ontoetsbaar en onnodig afskryf.

Mens wonder egter waar die "bewussyn" van die mens in die eerste plek vandaan kom. Ateïste is ongelooflik naïef en vaag oor die oorspronge van alle dinge, dus geen wonder dat so baie van hulle verklarings uiteindelik (letterlik en figuurlik) eindig in 'n poel van sogenaamde "primordiale kuil-skuim" as die biológiese oorsprong van alle lewe nie. Dit is ironies en snaaks genoeg, ook presies waar hulle idees hoort … in 'n poel van "kuil-skuim".

2.5 **Bill Nye.** As 'n Wetenskap kommunikeerder, is Bill Nye se ateïsme minder filosófies en méér prakties. He redeneer dat enige getuienis-gebaseerde denke (bv. 'Evolusie') bots met die letterlike godsdiens, veral met die Skeppende idees en leer van die Bybel, wat hy lief is om te debatteer. Hy konsentreer, wil dit voorkom, minder op die kritiek oor God se bestaan en verkies eerder om die 'rede' van die mens vóór te hou as van méér waarde as geloof, terwyl hy egter uit die oog verloor dat dit juis meeste Christene se 'rede', en nie noodwendig hul emosies, wat hulle aangespoor het tot die ondersoek en behoud van hul geloof.

Mens wonder dus waar Nye se magiese "rede" as sodanig in die eerste plek vandaan kom.

2.6 **Sam Harris.** 'n Neuro-wetenskaplike en skrywer, konsentreer Sam Harris daarop om godsdiens, in sy boek, *The End of Faith,* as "irrasioneel en geweldadig" te kritiseer. Hy verwerp God as 'n uitgediende konsep, en verkondig 'n soort "spiritualiteit" (geestelikheid) deur middel van die rede (bv. meditasie of oordenking) terwyl hy daarop aandring dat moraliteit voortspruit uit die mens se welstand, en nie uit die Bybel nie.

Hy verloor blykbaar uit die oog dat die Ateïsme toenemend verouderd raak soos getuienis ter stawing van die konsep van *Intelligente Ontwerp* (en die behoefte aan 'n 'Intelligente Ontwerper') daagliks toeneem.

Weereens … mens wonder waar hierdie magiese "filosófiese rede en moraliteit" in die eerste plek vandaan kom.

Hierdie ateïste deel 'n verwerping van God as gevolg van, soos hulle verduidelik, 'n gebrek aan sogenaamde "getuienis", en 'n voorkeur vir die *rede* bo *geloof,* maar hulle style verskil tog, bv., Russell en Nye se kalme logika, Dawkins se wetenskaplike ywer, Hitchens' se vurige retoriek, Dennett se Evolusionêre lens, en Harris se mengsel van neuro-wetenskap en etiek. Hulle sien godsdiens as ten beste opsioneel, en as ten slegste, skadelik.

Irónies genoeg is dit vreemd dat sulke begaafde mense, bekend vir hulle hoër onderwys en in die son van hulle publieke bewondering, nogtans terselftertyd soms ook so luidrugtig domastrant kan wees, blykbaar heeltemal ongesteurd deur die feit dat bona fide wetenskaplikes alreeds lankal erken het dat hulle slegs ongeveer 5% weet van wat in die Kosmos aangaan met die res (95%) wat beskrywe word as "donker materié" ("dark matter") en "donker energié" ("dark energy"). So, hoe enige groep mense so afsydig kan staan deur die oorvloed van inligting oor die Kosmos (waarvan ons maar bitter min weet) en steeds so domastrant selfversekerd van hulle saak kan wees, is waarlik verstommend … wat het hulle om na uit te sien buiten hierdie prosaïese lewe op aarde: Om ná dood na 'n 'n primordiale kommetjie van poel-skuim terug te keer?

3. **DIE DRIE ATEÏSMES.** Ateïsme kom in vele gedaantes en kleure voor. Vir die doel van hierdie boek, egter, sal ek konsentreer op daardie wêreldbeskouings oor Ateïsme wat, in my opinie, die meeste vandag saakmaak. Meeste Ateïste sal dus waarskynlik in enige van die volgende drie kategoriëe ingedeel kon word:

3.1 **'Geen God' Ateïsme.** Hierdie ateïste glo dat geen God bestaan nie, nooit bestaan het nie en ook nooit sal bestaan nie. Die Heelal en alles daarbinne het bloot per ongeluk en toevallig uit die niet deur middel van 'n natuurlike proses ontwikkel, d.i., waarskynlik deur dom, breinlose 'Evolusie' ('Wetenskap Panteïsme'). Daar bestaan nie soiets of iemand soos 'God' nie, behalwe natuurlik vir die heidense afgod van 'Skiëntisme', d.i., die goddelike verëring van die Natuurwetenskap. Per slot van sake

moes die Kosmos deur 'Iets' (indien dan nie deur 'Iemand') geskep gewees het!

3.2 **'Die God wie gesterf het' Ateïsme.** Hierdie ateïste glo dat God wel eens op 'n tyd in die verre verskiet mag geleef het, maar dat Hy nou "dood" is.

3.3 **'Die God wie bestaan maar boos is' Ateïsme.** Hierdie ateïste glo dat God tog bestaan, maar dat Hy terselftertyd "boos" is.

Doen die som: Dit spreek vanself dat al drie hierdie "skole van denke" nie gelyktydig korrek kan wees nie; d.i., minstens twee van hulle (maar waarskynlik al drie) lieg skaamteloos vir ons.

4. **DIE UITNODIGING STAAN NOG.** God se 'Water van die Lewe" word steeds gratis en vry aangebied. Jesus het belowe:

> *"Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie."*
>
> [Markus 1:15bAOV].

> *"Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."*
>
> [Openbaring 22:16-17AOV].

5. **IS VANDAG SE WETENSKAP-DESKUNDIGES BETROUBARE KOMMUNI-KEERDERS?** Iemand het onlangs in die media opgemerk dat die ateïs, Richard Dawkins, 'n "wonderlike wetenskap-kommunikeerder" is. Regtig? 'n Man wat onlangs gespekuleer het dat lewe dalk na die aarde gebring is deur vreemde ruimte-wesens vanuit 'n ander wêreld? 'n Man wie, onwetenskaplik en oneties, *onfalsifiseerbare palaeontológiese data en inligting* oor fossiele in die natuur aanbied as onomstootlike bewyse vir Evolusie? 'n Man wie beweer dat daar geen God is nie maar dat hierdie God (wat nie bestaan nie!) terselftertyd "boos" is?

Met so 'n skewe blik op die Kosmos en die wêreld in die algemeen, en geoordeel na sy verspotte, kinderagtige begrip omtrent die Bybel, God en Jesus Christus, behoort Dawkins dalk liewer dit te oorweeg om by die 'Kerk van Skiëntologié' aan te sluit, waar hy dalk baie meer tuis behoort te voel, aangesien daardie mense, nes hy, wil dit voorkom, dieselfde bisarre soort van taal, terminologie en idees huldig.

Biológies is ons wat ons eet; geestelik is ons wat ons lees en glo. Myns insiens lees Dawkins te veel wetenskap-fiksie, insluitend die wetenskap-fiksie van Darwinisme ('Wetenskap Panteïsme').

6. **CHRISTENE SKULD ATEÏSTE NIE 'N VERDUIDELIKING NIE.** Alhoewel Christene graag hul Christen-getuienis by elke geleentheid met ander (ateïste ingesluit) deel in die verdediging van God, die Bybel, Jesus Christus en die Evangelie, moet ateïste terselftertyd kennis neem dat Christene nie die ateïste enige verduideliking skuld nie; dit is nie asof die Almagtige Skepper en Jesus Christus enige "hulp" of 'verdediging" vanaf die mens nodig het nie.

Christene is geroep om die Evangelie te verkondig, en nie om as intellektuele 'vroedvroue' ingekontrakteer te word om hardkoppige, selfvoldane, luid-rugtige en dikwels banale, vulgêre (en soms selfs godslasterlike) ateïste te help geboorte skenk aan 'n 'geloof in God' nie. Christene is bloot rapportryers en verspreiders van die Evangelie ("goeie nuus") van Jesus Christus.

Tegnies gesproke het geen persoon op aarde verder die reg om die Evangelie tweemaal te hoor alvorens die res van die bevolking op aarde dit nie alreeds minstens eenmaal gehoor het nie; dit is bloot omdat mense sulke groot distansies van mekaar geskei is, en omdat Christene so welwillend is, dat hulle dit wel soms doen.

7. **STOEI MET GOD.** Baie, indien nie die meeste, Christene het oor jare heen persoonlik en in eie terme, intens met God geworstel en tot die geloof in God gekom deur baie stryd, trane en eensame nagte van gebed.

Doen die som: 'n God wat verstaan kon word sou geen God wees nie, maar 'n bedrieër, en daarom leer die Bybel dat, hulle wat na God toe kom, in kinderlike geloof moet glo dat Hy IS (bestaan) deur middel van (of ten spyte van) persoonlike ervaring en die stryd van die lewe.

Soos voorheen genoem, is dit geloof wat begrip ontsluit, en nie andersom nie, m.a.w., nie deur "bewyse dat God bestaan nie". Daar bestaan geen mens op aarde, maak nie saak hoe geleerd of begaafd, wat God se bestaan ooit fisies, empiries deur bv. teleskope, mikroskope, spektroskope en stetoskope sou kan ontdek nie; mens soek (en vind) nie vir Henry Ford in die enjin van 'n Ford motor nie. Soos reeds voorheen genoem, het wetenskaplikes in elk geval ruiterlik erken dat hulle slegs 5% weet van wat in die Kosmos aangaan met die res (95%) wat beskrywe word as "donker materié" en "donker energié". Die Bybel leer:

> *"Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien."*
> [Mattheüs 5:8AOV].

Ateïste behoort op te hou om met Christene te argumenteer, te debatteer en te stry, en eerder te leer om self, persoonlik, met God te begin worstel. Hulle moet ophou om hulle gebrek aan emosionele geborgenheid, hulle intellektuele traagheid om met God self te redeneer en hul siniese verwarring oor die Bybel die sosiaal-kulturele noodgeval van Christene te maak.

Meeste van die sogenaamde "nuwe ateïste" wat mens deesdae in die sosiale media teëkom stel nie regtig belang daarin om God te ontdek nie; hulle is,

inteendeel, meestal 'n skoorsoekende, rusiemakende kontingent van bombastiese roubeklaers oor hulle lot.

Die plek vir enigeen om te begin is om nederig en getrou die Bybel te lees en te ondersoek, opgevolg deur gebed, en die werklike uitdaging vir vandag se "nuwe ateïs" is nie om mense by die bushalte of by die werkplek trompop te loop en hulle te daag om God se bestaan te bewys nie, maar eerder om na God persoonlik te gaan en Hom direk te daag oor Sy bestaan. Dit is die vinnigste en mees effektiewe manier om die saak oor God se bestaan vir jouself uit te klaar. Job het gewonder:

> *"Kan jy die dieptes van God peil? Of sal jy kan deurdring tot by die volmaaktheid van die Almagtige?"*
>
> [Job 11:7AOV].

Aangesien God die hoogste gesag in die Heelal is, is die ateïs se enigste hoop om te gaan en *by God te appelléér … teen God!* Wat sou dit 'n persoon, met 'n ernstige grief en siviele saak teen 'n vername instansie, baat om met die hofordonans in die gange van die hof te stry, of met die kelner wat die tee bedien in die kombuis 'n rusie te gaan aanknoop? Gaan praat met die Regter self. Slegs nadat die ateïs die bestaan of nie-bestaan van God persoonlik vir homself in samewerking met die Skepper self probeer bewys het, mag sulke ateïste Christene nader vir hulle opinies en ervarings oor God.

So, Mnr. Ateïs, moenie by Christene appelléér teen God nie; jy blaf by die verkeerde boom. Gaan klop aan by God self, want dit is hoe Christene dit doen en nog altyd gedoen het. Volwasse Christene, nieteenstaande hulle foute en tekortkominge, *glo* nie net dat God bestaan nie; hulle *wéét* dat God bestaan.

8. **DIE BESTAAN VAN GOD.** Om die bestaan van God aan ateïste te bewys is nie die plig van elke liewe wedergebore Christen in die land nie. Meeste Christene moes waarskynlik die bestaan van God, dikwels met moeite, vir hulself uitsorteer, 'n proses wat soms jare se stryd van nogal epiese proporsies kon beteken.

Soos reeds voorheen genoem, is dit my standpunt dat ateïste moet ophou om hul kolossale gebrek aan entoesiasme vir Bybelstudie, morele energie, intellektuele stamina en transendentale nuuskierigheid die noodgeval van Christene te maak. Ek herhaal: Christene is, ten beste, rapportryers vir die "blye nuus" (Evangelie) boodskap, en nie die intellektuele vroedvroue, filosófiese kurators en ideológiese baba-oppassers van banale, murmurerende en godslasterlike "nuwe ateïste" nie. Hier is wat opregte, eerlike ateïste behoort te doen:

8.1 **Inisiatief.** Ateïste behoort meer *inisiatief* aan die dag te lê, die bul by die horings te pak en met God op 'n persoonlike vlak te begin worstel soos Jakob van ouds gedoen het toe hy met die Engel van die Here gestoei het, d.i., sodat hulle die bestaan of nie-bestaan van God met tyd vir hulself kan uitsorteer. Soos reeds voorheen na verwys, is ateïste se eerste en

vernaamste plig nie om die bestaan of nie-bestaan aan Christene te bewys, maar om die bestaan of nie-bestaan van God aan God self te bewys. Slegs nadat hulle deur daardie oefening is, behoort hulle dit te waag om dit wat hulle bevind het aan Christene te probeer bewys.

Christene is nie die mense met 'n "probleem" nie; trouens, Christene glo nie alleen dat God bestaan nie, maar wéét, deur Sy genade van Bo, dat Hy bestaan. Die ateïste is die mense met die "probleem", en al wat hulle nodig het is 'n goeie dosis nederigheid om by God oor God te ontdek en te leer.

Ateïste het 'n amptelike plig teenoor die Hemel om die bestaan van God deur hulself en vir hulself te bewys, aangesien hulle die persone met die "probleem" is, en nie die Christene nie. Mens kry soms die indruk dat die ateïste dink dat die Christene die persone is met die "probleem" oor God se bestaan aldan nie, en daag dan dikwels op by debatte oor die onderwerp soos wafferse, selfvoldane psigiaters en aspirant sielkundige terapeute, gereed om die Christene se "probleem" vir hulle te help oplos.

So, selfs al sou dit 'n epiese stryd en formidabele uitdaging vir die ateïs beteken, nader eenvoudig tot God en Hy sal tot jou nader. Meeste van ons moes daardie roete volg … waarom is die ateïs te goed om dit ook te doen? William Cowper (1731-1800) het geskrywe:

"God moves in many a mysterious way His wonders to perform;
He plants His footprint in the sea and rides upon the storm."

8.2 **Evangelie Monopolié.** Christene het nie nie 'n monopolié op die Evangelie of op die Genade van God nie. Die Evangelie (of die 'Kerk') is nie 'n geslote, private klub net vir Christene nie; God is Soewerein en sal genade bewys aan wie Hy genade wil bewys, en sal meegevoel toon aan wie Hy meegevoel wil toon. Glo my, ons het dit almal bitter nodig; niemand is té goed of begaafd om op die genade van God te hoop nie.

Dink terug aan die vriendelike kwaaddoener aan die kruis en hoe hy uiteindelik met meegoevoel by Jesus gepleit het om hom tog net nie te vergeet nie. Dink ook aan die meegevoel waarmee Jesus, sonder om te blik of te bloos, hom onmiddellik geantwoord het, d.i., nie 'n woord van veroordeling of verwerping nie (ten spyte van die kwaaddoener se misrabele lewe van misdaad en vergrype) maar 'n antwoord vol liefde, ontferming en welwillendheid.

As Christene paradeer ons nie graag as intellektuele 'prima donnas' nie; dit is juis waarom ons aan die voet van die Almagtige Skepper (die YHWH of "EK IS!" en die Bevelvoerder van die Hemelse en Israelse weermagte) kniel om ons te beroep en verlaat op Sy Hemelse Kennis, Wysheid en Diskresie.

Die Bybel leer dat dit onmoontlik is om God *sonder geloof* te behaag, en dat God 'n Beloner is van diegene wat glo dat Hy IS (bestaan) en Hom pligsgetrou soek. Met Sy aanvaarde I.K. (Intelligensie Kwosiënt) van ONEINDIG tot die mag ONEINDIG, het Hy (Jehovah-Jireh!) sekerlik 'n beter kans om ons deur die moeras, gebergtes en wildernis van die lewe

op aarde en in die Kosmos te lei, as om op blinde leiers van blindes te vertrou. Soos al voorheen deur ander genoem, sal ons eerder saam met Jesus wandel met al ons vrae as alleen met al ons eie sogenaamde (dikwels patétiese) "antwoorde".

Al wat basies van ons (en van die ateïs) verwag word is om ons te bekeer (van die *ongeloof,* en nie van die rook of drankgewoonte assulks nie) en die Evangelie te glo, op te staan en, soos die verlore seun in die Bybel, terug te keer na die Hemelse Vader [Verw. Markus 1:15; Johannes 3:16-17; 1:12; Romeine 6:23; Openbaring Hfstk. 22).

9. DIE KLASSIEKE MORBIEDE ATEÏSTIESE TEMPERAMENT.

9.1 Die **Ateïs se 'WBS Sindroom'.** Kom ons wees eerlik … het u al ooit 'n gelukkige, sprankelende, optimistiese ateïs teëgekom? Ek het nog nooit; en, waarom sou enigeen wat aan 'n doodskultus soos die Ateïsme-Evolusionisme behoort, ooit besonder gelukkig en optimisties oor die lewe kon wees? Hoe op aarde sou enigeen wat 'n morbiede doodskultus of 'n boodskap van "Dood-na-die-Dood" (i.p.v *Lewe-na-die-Dood),* heeldag loop en verkondig, ooit 'n vrolike en opgeruimde geaardheid kon kweek?

Om 'n so 'n mismoedige, hopelose filosofié soos Ateïsme, byna soos insektedoder, te aanvaar en te versprei moet sekerlik, dink ek, 'n besondere pynlike en demoraliserende, depressiewe ervaring wees.

Persoonlik ervaar ek die gemiddelde Ateïs waarmee ek mee te doen kry as 'n moedelose, depressiewe, bitter, siniese en woedende tipe mens, daarom my verwysing na die Ateïs se geestes-toestand as, "Die Ateïs se WBS Sindroom": Altyd Woedend, Bitter en Sinies.

Die rede daarvoor is dat standhoudende vrede, blydskap en 'n gesindheid van optimisme, te midde van uitdaagende omstandighede, onmoontlik is sonder God, die 'Outeur van die Lewe'.

> N.B. "The Atheist's ABC (Always Anger, Bitter & Cynical) Syndrome" / "Die Ateïs se WBS Sindroom: Altyd Woedend, Bitter en Sinies".

9.2 **Die Ateïsme as 'n Doodskultus.** Neem, as 'n voorbeeld, die loopbaan van die palaeontolóóg en begrafnisondernemer: Is dit werklik vir hulle moontlik om dag na dag met die doodsbeendere en lyke van uitgestorwenes en afgestorwenes te werk sonder om uiteindelik besonder depressief te begin word? So, hoeveel verskil die werk van die palaeontolóóg, of van die kurator van die Natuur-Historiese Museum, dus regtig van die werk van die begrafnisondernemer? Beide hierdie persone het byna daagliks te doen met die instandhouding, versorging en bewaring van die ongure, onsanitêre voorwerpe te doen met afgestorwenes en uitgestorwenes, met ander woorde … met die dood!

Toegegee, die begrafnisondernemer is betrokke by die lewering van 'n belangrike diens aan die gemeenskap, wat sekerlik 'n besondere graad

van werktevredenheid en trots kan genereer vir 'n begrafnis met eerbied smaakvol en met afgeronde dekorum aan te bied.

Wat my aanbetref is die palaeontolóóg met niks anders besig as om, met sy ontdekking, verwydering en katalogussering van fossiele na die museum of bewaarkamer, besig is om die Genesis Skeppingsverhaal, en dus die feit van Bybelse historisiteit, te bevestig, aangesien Evangeliese Christene glo dat fossiele en die "fossielrekord", instede van Darwiniaanse "Evolusie', eintlik die Bybelse Vloed van Noag bewys toe die plantelewe, dierelewe en mense gedurende daardie geweldige katastrofe *en masse* onder hoë druk wêreldwyd onder sediment begrawe is.

9.3 **Die Getuienis van Jesus Christus.** Jesus Christus, wie nooit gelieg het nie, het die volgende oor Sy Wederkoms belowe:

> *"Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen. En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees"*
>
> [Mattheüs 24:36-39AOV].
> (HOOFLETTERS MYNE VIR BEKLEMTONING).

Hoe enigeen van die "postmoderne" Christene nog kan beweer dat die Bybelse verhaal van die Ark en die Groot Vloed (Sondvloed) maar niks méér is nie as 'n Joodse mite en oorlewering is, is verstommend.

Het Jesus, tydens Sy kortstondige bediening op aarde, nooit die historisiteit van die Genesis Skeppingsverhaal persoonlik bevestig nie, mag daar moontlik nog gronde gewees het vir twyfel oor die geldigheid van die Bybelse Sondvloed verhaal, maar, aangesien Hy persoonlik die historisiteit van die Bybelse Sondvloed bevestig het, is daardie feit uit Noag se dae sedertdien vir ewig ingegraveer in die soliede "graniet" van Bybelse geskiedenis, en wel as God se prima facie, argeológiese getuienis van die Bybelse Vloed van Noag se dae. Jesus Christus het dit bevestig en ek glo Hom … punt. Jesus het gewaarsku:

> *"Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.*
> *En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.*
> *Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.*
>
> [Mattheüs 24:36:39AOV].

10. ATEÏSTE SE DWALINGS.

10.1 **Die eienaardigste verskynsels.** Ateïste doen soms die eienaardigste dinge. Byvoorbeeld sal hulle altyd (enersyds) (i) kla oor die lewe, God en die Bybel beswadder en Christene beledig, of (ii) probeer om die breë publiek oor te haal na hulle geloofs-handelsmerk van die Ateïsme, meestal gefundeer op hulle 'onheilige troika god' (in die plek van die Heilige Drie-Eenheid) van (i) Vader TYD (vir "miljarde jare"), (ii) Moeder NATUUR (vir die "oorlewing van die fiksste") en, soos deur die hoofstroom, linksgesinde media verkondig … (iii) hulle de facto, gestaanmaakte "messias", Charles DARWIN.

Die bekende ateïs, Richard Dawkins, kla byvoorbeeld dat die Christendom 'n obsessie het oor "sonde", terwyl die waarheid is dat Christendom 'n obsessie het oor "liefde", bv., *"Want so lief het God die wêreld gehad …".* Slegs mense met 'n skuldkompleks en wie nie die Evangelie-boodskap verstaan nie, sal glo en dink dat die Christendom 'n obsessie het oor sonde; slegs Christene gered deur Genade sal glo en weet dat die Christendom (en God) 'n obsessie het oor liefde.

Ek herhaal: Ek kry die indruk dat nie alle ateïste noodwendig aan die kwaal van 'Ateïsme' ly nie, maar eerder aan 'n besondere variant van depressie, nl., die 'WBS Sindroom' (Altyd Woedend, Bitter en Sinies) wat oor tyd heen op veelvuldige maniere manifesteer, bv., banaliteit, vulgariteit, profaniteit, en soms selfs godslastering.

10.2 **Die grootste Ironié.** Dit is die verskynsel waar ateïste (i) gedurig vir God beledig vir die brutale wese wat Hy kwansuis is om die Skepping en alles daarbinne so gruwelik te kon opmors, terwyl hulle, terselftertyd, (ii) wanneer hulle gevra word wie die Kosmos geskep het, dan gewoonlik sal antwoord, *"Evolusie het die wêreld deur middel van die Oerknal geskep die oomblik toe 'Niks' met groot fanfare skielik ontplof het."*

Hier is die ironié: Hulle kla (enersyds) oor God wie die Skepping so gruwelik sou opgemors het, net om (andersyds) dan vir ons liries oor te vertel hoe vindingryk en knap "Evolusie" die wêreld geskep het! Doen die som: Sou dit nie méér korrek (en méér eerlik!) van hulle gewees het om dus vir 'Evolusie' te blameer vir die klaaglike mislukking van die Skepping nie? Boonop vind ek dit vreemd dat hulle God wil blameer vir die bedorwe, gebroke Skepping … 'n God wie hulle sê wat nie bestaan nie (hoe vind die leser dit vir logika?).

Nietemin, satiries gesproke, indien die ontploffing van 'n *breinlose NIKS** so pragtige, majestuese, ordelike en vreesaanjaende Kosmos kon skep, dink net hoe sou die Kosmos vandag gelyk het sou 'n *Intelligente IETS* eerder besluit het om te ontplof.

*NIKS: 'n "Singulariteit" ('n Respektabele beskrywing vir die wetenskaplike se "niks").

11. **WAAROM ATEïSTE SUKKEL OM GOD TE VIND.** Indien ateïste regtig opreg na God sou soek, sou hulle Hom vind. Die Bybel leer dat ons God moet soek terwyl Hy nog te vinde is. God kan met ander woorde gevind word.

Trouens, ateïste sou God nie alleen net kon vind om in Hom te 'glo' nie, maar ook om te kan 'wéét' dat Hy bestaan. Wat is die nut daarvan om 'n deskundige te wees met I.T. stelsels, KI ("AI"), super rekenaars en "Smartphones", maar 'n absolute ignoramus met betrekking tot die belangrikse en mees invloedryke Boek wat ooit in die geskiedenis van die Skepping geproduseer is … d.i., die Bybel? Om God te kan sien (vind) leer die Bybel:

11.1 **Ons moet rein van hart wees.**

> *"Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien"*
> [Mattheüs 5:8AOV].

11.2 **Ons moet vra.**

> *"En Ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word."*
> [Lukas 11:9AOV].

11.3 **Ons moet wedergebore word.**

> *"Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."*
> [Johannes 3:3AOV].

11.4 **Ons moet Christus aanneem.**

> *"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo."*
> [Johannes 1:12AOV].

12. **ONTKNOPING.** Doen die som:

12.1 Hoe sal die ateïs ooit "rein van hart" kan wees wanneer hy heeldag vir God, die Bybel en vir Jesus Christus loop en beledig en belaster? Watter soort God, d.i., met 'n greintjie selfrespek, sal met so 'n domastrante, Neandertaliaanse dwaas bevriend wil wees?

12.2 Hoe kan die ateïs verwag om enigiets van God te ontvang indien hy vir God nie net beledig en belaster nie, maar in elk geval ook weier om te bid en vir God iets te vra? Dit sou eintlik onmoontlik wees, want met sy vermetele tirade het die ateïs waarskynlik al sy vrymoedigheid, om ooit van God iets te vra, heeltemal verloor. Die Bybel leer:

A = **Ask** (and it shall be given unto you/Vra en vir jou sal gegee word!)
S = **Seek** (and ye shall find/Soek en jy sal vind!)
K = **Knock** (and it shall be opened unto you/Klop en vir jou sal oopgemaak word!).

> *"Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie."*
>
> [Jakobus 4:2AOV].

Nogtans sal mense soms eerder na 'n "beroemde ateïs" gaan luister om te hoor wat hy te sê het, en dit terwyl wetenskaplikes (insluitend ateïste) alreeds erken dat hulle maar net 5% weet van wat alles in die Kosmos aangaan, met die res (95%) wat as "donker materié" en "donker energié" beskrywe word, in plaas daarvan van om te wil luister na die Een wat 100% weet van wat alles in die Kosmos aangaan. Die Bybel leer:

> *"Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand."*
>
> [Job 28:28AOV].

12.3 So, hoe sal 'n ateïs ooit wedergebore kan word wanneer hy weier om Jesus Christus te aanvaar en sodoende 'n kind van God te word? Hou in gedagte dat die Bybel leer dat, alhoewel alle mense skepsels van God is, nie alle mense kinders van God is nie. 'n Mens word kind van God deur Jesus Christus aan te neem as Heer en Meester, en as Messias van die Jode (Johannes 1:12).

> N.B. Hierdie boodskap aan anti-Semitiese persone: Jesus Christus het nie net (i) die Kosmos geskep nie (Hebreërs1:1-4), maar sal ook (ii) sit as Hoofregter van die 'Groot Wit Troon Oordeel', en het (iii) plegtig belowe: *"Die Saligheid is uit die Jode!"* (of ons daarvan hou of nie).

13. **VRAE WAT DIE WETENSKAP, QUASI-WETENSKAPLIKES EN PSEUDO-WETENSKAPLIKES NIE KAN ANTWOORD NIE.** Buite die grense van Bybelse openbaring is ware wetenskaplikes en pseudo-wetenskaplikes (bv. evolusioniste) nie in staat tot logiese antwoorde op vrae (soos hieronder genoem) nie:

13.1 **Waarom is daar IETS in plaas van NIKS?** Waarom is daar 'n Kosmos, d.i., sterrestelsels, sonnestelsels, planete en mane, ens.? Sommige mag nou miskien beswaar maak en beweer dat dit 'n filosófiese, en nie 'n wetenskap vraag, is. Dit is egter onwáár, dit is net soveel 'n wetenskap vraag as wat dit 'n filosófiese vraag is.

Indien dom, breinlose 'Evolusie' dan die wêreld geskep het, wat sou die rede daarvoor gewees het? Die enigste antwoord waaraan ek kan dink is dat, satiries gesproke, indien daar regtig NIKS in plaas van IETS was, hoe op aarde sou ons ooit die vraag kon vra, *"Waarom is daar NIKS in plaas van IETS?"*

13.2 **WAAR kom ons vandaan?** Indien 'Evolusie' die Oerknal veroorsaak het, en die Oerknal die Kosmos geskep het, wie of wat het 'Evolusie' in die eerste plek geskep? Hou in gedagte dat Harvard Universiteit se Kosmoloë alreeds toegegee het dat die mensdom waarskynlik nooit hierdie vraag sal kan antwoord nie. Is die evolusioniste slimmer as Harvard kosmoloë?

13.3 **WAAROM is ons hier?** Waarom is ons hier, en waarom sou dit vir dom, breinlose 'Evolusie' voordelig gewees het om 'n ras soos die mensdom te skep … en dit net om ongebore babas *en masse* te vermoor, en biologiese mans in vroue sport te laat deelneem? Hoe edel!

13.4 **Waarheen is ons op pad?** Na Mars? Is die lewe op aarde dan regtig die 'Eindspeletjie' ('End Game') soos wat ateïste wil hê ons moet glo? Indien die Ateïsme dit dan "glo", waarom word Christene gekritiseer wanneer hulle die Ateïsme 'n 'godsdiens' (religié) noem?

13.5 **Is daar HOOP vir Planeet Aarde?** Waarskynlik nie, want almal wil op Mars gaan bly! So, indien almal dan Mars toe wil gaan, watter hoop sou daar vir Planeet Aarde oorbly? Linkses doen alles die verkeerde manier om … hoe gaan hulle Mars, 'n planeet sonder water en suurstof, tem, as wetenskaplikes nie eers die woestyne van ons eie planeet (met suurstof!) kan tem nie?

13.6 **Is daar HOOP vir die mensdom?** Blykbaar nie, aangesien almal op pad is na Mars! En, om alles te kroon, is die mensdom op 'n malle vaart om babas te aborteer, terwyl miljoene onwettige en ongedokumenteerde vreemdelinge lande se grense oorstroom. Wat kan tog die doel wees met dit alles … word babas dalk by die miljoene ge-aborteer om plek te maak vir die miljoene onwettige immigrante?

Maar, ons leer hierdie les uit die Bybel: Net vóór die kinders van Israel se uittog uit Egipte was Farao ook op 'n malle vaart om seuntjies (babas) dood te maak; en, netso het Koning Herodus Antipas, net vóór die mensdom se uittog uit die onkunde van eeue (soos gebring sou word deur die Evangelie), die seuntjies (babas) vermoor. Dalk is die groot uittog van die Christendom na die *Vader se Huis van Baie Wonings* tog nie so vergesogte droom nie.

13.7 **Hoe kan ons die verskil tussen REG en VERKEERD weet?** In die Linkses se ideologié is hierdie nie 'n probleem nie, aangesien hulle reg en verkeerd alles saam in dieselfde hoed gegooi het onder die slagspreuk van

'Morele Relativisme', of 'Situasionele Etiek'. Met ander woorde, daar is nie soiets soos REG en VERKEERD, of GOED en BOOS nie, maar slegs, *"the thinking that makes it so"*. Alles is "relatief"!

Dit laat mens wonder: Indien alles dan regtig "relatief" was, en daar nie soiets soos GOED of BOOS bestaan het nie, waarom maak die Linkses dan beswaar teen die Konserwatiewes wanneer die ouers van skoliere die (Christendom se) Bybel en Gebed wil terugbring in skole?

14. **DIE BYBEL AS DIE ENIGSTE BETROUBARE MORELE KOMPAS.** Indien nie die Bybel, wat sou die ateïste eerder as 'n morele kompas vir die wêreld verkies:

- *Little Red Book?* (Mao)
- *Mein Kampf?* (Adolf Hitler)
- *Dianetics?* (L. Ron Hubbard)
- *The Book of Mormon?* (Joseph Smith)
- *The New World Translation of the Bible?* (Wagtoring)
- *The Protocols of the Elders of Zion?* (Anti-Semities)
- *Human Condition'?* (World Transformation Movement).
- *On the Origin of Species by Means of Natural Selection, or the Preservation of Favoured Races in the Struggle for Life?* (Charles Darwin).

N.B. Let op die rassistiese skimp in die titel van Darwin se 1859 boek: "*Preservation of Favoured Races" ("Die Behoud van Gunsteling Rasse").*

Jesus Christus het egter belowe:

> *"Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie."*
>
> [Mattheüs 24:35AOV].

15. **DOEN DIE SOM … AS U KAN.** Hoe lank dink u, d.i., sou dit die gemiddelde persoon neem om die berekening (hieronder) sonder 'n super-rekenaar te kon doen?

$$\frac{987654321^{123456789}}{123456789^{987654321}}$$

Hoe dit ookal sy, hoe lank dink u sou dit die God van Moses ('YHWH') neem om die antwoord op hierdie som te bereken: 24 ure? 12 ure? 2 ure? 1 uur? 30 minute? 15 minute? 1 minuut? 60 zepto-sekondes? 30 zepto-sekondes? 1 zepto-sekonde?

God bestaan onafhanklik buite die beraming van tyd, ruimte en materié soos ons dit ken. Met ander woorde sou enige opmerking wat "tyd" in die oplossing sou insluit, verkeerd wees, aangesien God nie tyd sou nodig hê om so 'n berekening mee te doen nie nie; God sou selfs die meeste ingewikkelede berekening, of stel berekeninge en wiskundige vraagstukke in die Kosmos, intuïtief en outomaties kon doen sonder om 'n oog te knip. Hy ken al die wiskundige antwoorde onder die son outomaties en intuïtief, net soos wat ons intuïtief weet dat die lug blou, wolke wit en gras groen is, of dat 1 + 1 = 2 (sonder dat ons die berekening hoef te doen).

God ken selfs die antwoorde op daardie wiskundige vraagstukke in die Kosmos waarvan ons nog gladnie eers weet nie … ons weet nie eers van die *vrae* nie, wat nog die *antwoorde* op sulke vrae. Die Bybel leer dat God kan doen vér bokant wat ons ooit kon hoop om te bid, dink of ons te verbeel. God se gedagtes is oneindig.

> *"En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk."*
>
> [Efesiërs 3:20].

Dit spreek dus vanself dat God se I.K. (Intelligensie Kwosiënt), filosófies gesproke, soos reeds voorheen genoem, waarskynlik ONEINDIG tot die mag ONEINDIG is, of ONEINDIG^{ONEINDIG}.

16. **ONMOONTLIK OM MET GOD TE STRY.** Verbeel u dus die gemiddelde ateïs met sy I.K. (bv. van enigiets tussen 100 en 210) wat met God sou probeer redeneer of stry … sou dit nie absoluut domastrant van so iemand wees nie? Dit sou gelyk wees aan 'n intelligente vrugtevlieg wat met Albert Einstein 'n debat oor die sy Relatiwiteitsteorié probeer aanknoop.

Die gemiddelde persoon het geen reg of kapasiteit om met God oor die Kosmos te stry nie, veral nie teen die agtergrond van die feit dat wetenskaplikes alreeds toeggegee het dat hulle kennis van die Kosmos maar niks meer behels nie as ongeveer 5% van alles wat daar oor die Kosmos geweet kan word. 'n Vriend (sedertdien oorlede) het eenmaal hierdie merkwaardige opmerking gemaak:

> *"Dit is onmoontlik om God se grootheid met 'n aardse taal te probeer beskrywe. Selfs bloot die poging om dit te probeer doen sou klaaglik misluk, aangesien, selfs net deur mens se mond oop te maak, ons Hom alreeds beledig het."*

Ons beperkinge is kennelik baie beperk; en, ons akademiese en wetenskaplike oppervlakkigheid en onkunde oor die Kosmos en die Godheid hardloop inderdaad "diep". Nietemin, hoe wetenskaplikes ook nog kan beweer dat hulle 5% van alles wat oor die Kosmos te wete is kan weet, slaan my dronk … hoe op aarde weet hulle wat die "alles" behels waarvan hulle praat? Wat is alles in die 100%?

17. **NEDERIGHEID GAAN DIE EER VOORAF.** Nederigheid is 'n kosbare eienskap, en, terwyl die Bybel leer dat hoogmoed vóór die val kom, leer die Bybel ook dat daar groot beloning vir nederigheid is. Dit is waarom Christene graag liries raak oor die wonder en majesteit van die Skepping, nieteenstaande die veelvuldige probleme en uitdagings wat hulle daagliks die hoof moet bied.

Christene het besluit om die Woord van God in goeder trou soos 'n kind te ontvang, met dien verstande dat God waarskynlik die enigste Persona in (of buite) die Kosmos is wie oor die morele status en wetenskaplike gravitas beskik om die wêreld aan die mensdom te verduidelik, wat Hy alreeds vir millennia doen sonder om te aarsel, te blik of te bloos.

Omdat die ateïste hulself oortuig het dat hierdie wêreld die EINDSPEL ('END GAME') is, d.i., met geen hoop nie op enige Hiernamaals, verloor hulle oneindig baie deur God as 'n "mite" te wil afskryf terwyl hulle Hom heeldag loop en beledig en verkleineer as "dood" en "wreed", 'n eienaardige soort logika wat net ateïste ooit sal verstaan.

Indien die wetenskap gemeenskap liewer nederig sou bly en nie hulle tyd vir 165 jaar lank met die pseudo-wetenskap en godsdienskultus van die Darwinisme (Wetenskap Panteïsme) verspil het nie, sou ons teen hierdie tyd waarskynlik al die wêreld vol gery het met kleurvolle ruimte-motors en ruimte-busse met ewe kleurvolle, reuse, hologram-gedrewe, 'padtekens' om die verkeer deur middel van gevorderede, flatervrye GPS tegnologié te beheer.

18. **EIENAARDIGE BEDMAATS.** Stel u voor:

- Demone en terroriste haat Jode, Christene, die Sinagoge en die Kerk … *en so ook ateïste!*

- Demone en terroriste haat die Wet van Moses (Die Tien Gebooie) en die Evangelie van Jesus Christus … *en so ook ateïste!*

- Demone en terroriste haat en verwerp God en Jesus Christus … *en so ook ateïste!*

- Demone en terroriste weier om die Bybel te lees, te respekteer en te glo … *en so ook ateïste!*

So, waarom verkies ateïste om (ideológies gesproke) eerder hande te vat met demone en terroriste as met Jode en Christene (alhoewel daar vanselfsprekend ateïste onder Jode mag wees)? Geen wonder nie die Bybel verwys na die ateïs as die "goddelose". Dit wil voorkom asof Richard Dawkins hierdie verleentheid van 'n dilemma raakgesien het, vandaar sy verrassende besluit om homself 'n "Kulturele Christen" te verklaar, met sy sogenaamde waardering vir Christelike himnes en die katedraal- en kerk-argitektuur.

Aan die een kant kan die wetenskap 'n wonderlike dienskneg wees, nes moderne tegnológiese geriewe gedurig oor en oor bewys; aan die anderkant kan die tegnologié ook 'n brutale, wrede meester wees: Dink net aan plekke soos Hiroshima en Nagasaki, of aan enige oorlogstoneel vandag.

Die Christen se vertrekpunt is dat die wetenskap en tegnologié as sy dienskneg, en nie as sy meester, hanteer behoort te word. Die wetenskap behoort nooit aanbid of die onderwerp van magiese verering te word nie, 'n verskynsel wat as "Skiëntisme' bekend staan:

> *"SKIËNTISME: Die oordrewe vertroue in die effektiwiteit en metodes van die natuurlike wetenskap soos toegepas op die metodes van ondersoek soos in die filosofié, die sosiale wetenskappe en geesteswetenskappe."*
>
> [Merriam-Webster].

19. **DIE WETENSKAP HET NIE AL DIE ANTWOORDE NIE.** Buiten wreed te wees, kan die wetenskap soms ook nogal regtig nutteloos ook wees; ek het seker al 'n dosyn vriende en familie verloor aan kanker, wat my soms verstom laat staan aan die publiek se oordrewe en pynlik naïewe, vertroue in die wetenskap. Byvoorbeeld, en soos voorheen genoem, beskik die wetenskap (buite die raamwerk van Bybelse openbaring) nie oor logiese, koherente en nuttige antwoorde op die vrae hieronder nie:

- Waarom is daar iets in plaas van niks?
- Waar kom ons vandaan?
- Waarom is ons hier?
- Waarheen is ons op pad?
- Is daar hoop vir Planeet Aarde?
- Is daar hoop vir die mensdom?
- Hoe kan ons reg van verkeerd onderskei?

20. **ATEÏSME: DIE SAAK SONDER 'N DOEL.** Die 'Huis van Ateïsme' is besig om soos 'n kaartehuis inmekaar te tuimel, en waarom is ons nie verras nie? Geen huis verdeeld teenoor ditself sal ooit bly staan nie! Tensy die Ateïsme dus sy huis in orde kry, sal geen Christen, wie sy sout werd is, ooit geïnteresseerd wees in enigiets wat die ateïs te sê mag hê nie, tensy die doel daarmee sal wees om die ateïs se leuens te weerlê.

Die Ateïsme is trouens die samelewing se nuwe *Dooie Digters Maatskappy* ('Dead Poets Society') van die 21ste eeu, geen wonder Richard Dawkins het besluit om in 'n 'kulturele Christen' te verander nie … waarom sal enige Godvresende, rasionele mens so 'n brein se idees en opinies eers wil vertrou, wat nog navolg?

My advies aan jongmense? Moet nooit praat met vreemdelinge, mans wat rokke dra en evolusioniste wat in die doodskultus van Ateïsme glo, nie. Selfs al sou die ateïste reg wees (wat hulle nie is nie), wie sou nou betrokke wou raak

in die verkondiging van so 'n morbiede, hopelose, niksseggende, depressiewe, anti-evangelie van slegte nuus? Waarom tyd, geld en moeite verspil op 'n saak sonder 'n doel?

21. **ONTMOET DIE 'KULTURELE CHRISTENDOM'.** Leo Tolstoy het glo genoem dat, dit die man is wat in groot moeilikheid is wat gewoonlik die naaste aan God sal beweeg. Iemand wat gereeld met lugrederye reis het onlangs satiries geskerts dat, elke wanneer hy vlieg en die vliegtuig 'n turbulensie tref, hy duidelik kon voel hoe die ateïsme sy liggaam verlaat! Eerlike man.

Die feit is dat, elke keer wanneer die mens met 'n groot ramp of katastrófe gekonfronteer word, hy instinktief, intuïtief, na God sal draai, of hy nou 'n ateïs of Christen mag wees. Die skadu van die dood is gedurig met ons: Jongmense kán sterf; ou mense móét sterf. Die mortaliteitsyfer vir die mensdom is steeds 100% vir alle nasies op aarde; en elkeen van ons sal nog sterf, maak nie saak hoe versigtig ons elke dag ons aminosure, vitamines en minerale opweeg of uittel nie; en, of ons nou ingeënt is teen Covid of nie. Vrees kan mens snaakse dinge laat aanvang, en toe Richard Dawkins besluit het om te identifiseer as 'n 'kulturele Christen' (terwyl hy dit nie is nie) was hy in daardie opsig darem vir eenmaal in sy lewe reg … selfs 'n horlosie wat al vir jare staan is minstens tweekeer per dag steeds 100% akkuraat.

22. **DIE ATEÏS EN INTELLIGENTE ONTWERP.** Getuienis vir die bewys van die bestaan van God is oraloor te bespeur; diegene wat dit nie kan raaksien nie is waarskynlik of moedswillig kwaadwillig of onopreg.

Die probleem met die ateïs is dat hy eers "bewyse vir God wil sien" alvorens hy gaan glo, terwyl he terselftertyd God loop en beledig heeldag.

> *"Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien."*
> [Mattheüs 5:8AOV].

So, hoe die ateïs kan verwag om God so te ontdek slaan mens dronk. Die Bybel leer dat God aan nederiges genade gee, maar dat Hy die hoogmoediges sal weerstaan. Hoogmoed kom vóór die val. Die ironié is dat die ateïste, wie so verbete stryd teen die idee van die 'Intelligente Ontwerp' voer, irónies intussen self deskundiges op die gebied van die *Intelligente Ontwerp* geword het, bv.:

- Die gebruik van die gereedskap en instrumente van intelligente ontwerp in die dissiplines van die akademia en die wetenskap, bv., wiskunde, sterrekunde, astrofisika, biochemie, chemie, biologie, fisika, luukse laboratoriums, tesisse, dissertasies, teksboeke, ensiklopedieë, wetenskap joernale, artikels, pamflette, nuusbriewe, drukkers, sosiale en hoofstroom media, lesinglokale, elektrisiteit, elektronika, hulpmiddels by kommunikasie, radio, televisie, CCTV kameras, die Internet, e-pos, webwerwe, rekenaar sagteware, rekenaar hardeware, kameras, ens.

- Spektroskope, spektroskopié, teleskope (radio & opties), mikroskope, stetoskope, wetenskap-sakrekenaars, selfone, museums, fossiel & argeológiese uitstallings, faksmasjiene, navorsingstoegewings, motorvoertuie, fietse, motorfietse, busse, vliegtuie, weerballone, kanos, bote, skepe, Internet data, ens.

23. **ONFALSIFISEERBARE DATA/INLIGTING NIE AANVAARBAAR AS BEWYSE VIR EVOLUSIE NIE.** Ten spyte van al hierdie aktiwiteite en investering in die gereedskap, materiaal en dissiplines van die Intelligente Ontwerp, sal die ateïs dan steeds voortgaan en op 'n onetiese wyse allerhande onfalsifiseerbare (onverifieerbare) data en inligting vir hulle gunsteling godsdiens, d.i., die Darwinisme (Wetenskap Panteïsme) probeer voorlê as bewyse vir Evolusie, bv.:

- **Ster Evolusie.** Niemand kan "miljarde jare" teruggaan in tyd om die verspotte aansprake van die evolusioniste oor die ouderdom en herkoms van sterre te gaan verifieer of valideer nie; dit moet eenvoudig in goeder trou as feitelik aanvaar word.

- **Geológiese Evolusie.** Niemand kan "miljarde jare" teruggaan in tyd om die verspotte aansprake van evolusioniste oor die ouderdom en herkoms van die aarde en geológiese strata te gaan verifieer of valideer nie; dit moet eenvoudig in goeder trou as feitelik aanvaar word.

- **Biológiese Evolusie.** Niemand kan "miljoene jare" teruggaan in tyd om die verspotte aansprake van evolusioniste en palaeontoloë oor die ouderdom en herkoms van fossiele te gaan verifieer of valideer nie; dit moet eenvoudig in goeder trou as feitelik aanvaar word.

Met so streng klem op die waarde van die "wetenskaplike metode" en "empiriese getuienis", staan ons verbaas oor die ateïste se (onwetenskaplike) gewoonte om onverifieerbare, ongevalideerde, onfalsifiseerbare data en inligting voor te sit as getuienis en bewyse vir Evolusie en Ateïsme.

Daar is nie 'n manier waarop ons hulle tipe kwasi-wetenskap in goeder trou sal aanvaar nie; ware wetenskap vereis verifieerbare, valideerbare en falsifiseerbare data en inligting as bewyse vir Evolusie en Ateïsme. Trouens, toe ek eenmaal 'n ateïs oor hierdie saak wou pols, was sy verdediging: *"Ons falsifiseer ons getuienis teoréties!" (!).*

Hoe dit ookal sy, die lied lui soos volg: "*Glory, glory hallelujah ... His truth is marching on!"* Christene verkondig steeds die Evangelie wyd en syd oor die aarde, desondanks die ateïste en agente van ongeloof se besware, klagtes, woede en siniese aanmerkings oor God en die Bybel. In 'n ligter luim:

> *"The hounds of Bashan bark, but this great Gospel caravan just keeps rolling merrily along, century after century after century!"*

24. I.K. TOETS VIR DIE SLIMSTES.

24.1 **I.K. (Intelligensie Kwosiënt) Toets vir slegs die Slimstes.** Hoe almagtig ("omnipotent") is die God van die Bybel (YHWH) werklik ... almagtig genoeg om 'n Kosmos in "13.8 miljard jaar" te kon skep, maar nie almagtig genoeg om dit in ses gewone dae van 24-uur elk te kon doen nie? Watter soort "almag" is dit? So, hoe almagtig dink die leser is God werklik? Besluit vandag nog!

God is:

- ☐ Absoluut en Oneindig almagtig!
- ☐ Byna Absoluut en Oneindig almagtig!
- ☐ Baie almagtig!
- ☐ Slegs 'n klein bietjie almagtig!
- ☐ Gladnie almagtig nie!

24.2 **BYBEL.** Die Bybel leer:

> *"Ek het die aarde gemaak en die mens daarop geskape; Ek—my hande het die hemel uitgespan, en Ek het aan sy ganse leërskare bevel gegee … Want so sê die HERE, wat die hemele geskape het—Hy is God! —wat die aarde geformeer en dit gemaak het—Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word—Ek is die HERE, en daar is geen ander nie."*
>
> [Jesaja 45:12, 18AOV].

> *"Toe het Job die HERE geantwoord en gesê: Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie."*
>
> [Job 42:1-2AOV].

> *"Maar Jesus het hulle aangekyk en geantwoord: By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik."*
>
> [Markus 10:27AOV].

25. WAAROM 'ROLLING STONE MAGAZINE' CHRISTENE AANVAL.

Rolling Stone Magazine se onlangse giftige aanval op 'n bekende Christen was geen verassing nie; hulle volg maar net steeds dieselfde geel baksteenpaadjie as wat meeste humaniste gewoonlik doen, d.i., weg van die smal weg van die Judeo-Christelike boodskap en waardes in ruil vir vandag se siek, afvallige, Linksgesinde 'Woke Inc.' (gewettigde kranksinnigheid) waardes en boodskap. Soos hulle Siamese tweeling, die ateïste, ondersteun die personeel van die

Rolling Stone Magazine waarskynlik lankal nie meer die Christene se tydbeproefde Judeo-Christelike boodskap en waardes nie.

Doen die sommetjie: Indien 'n persoon (of organisasie) nie *pro-Christus* (die TESIS) is nie, is so 'n persoon of organisasie *anti-Christus* ('n 'antichris', die ANTITESE); daar bestaan nie soiets soos 'n "gedemilitariseerde sone" in die Christelike wandel en oor Jesus Christus nie. Jesus het self gewaarsku:

> *"Wie nie VIR my is nie, is TEEN my!"* (my parafrase).

Net om die leser te herinner:

- Ateïste en humaniste glo nie in Absolute Waarheid (bv. van God se bestaan) nie, behalwe vir die absolute waarheid van die Ateïsme en Humanisme; 'n ideologié wat hulle najaag met die soort entoesiasme en ywer wat menige Christen of godsdienstige mens sal beskaam.

- glo nie aan onverdraagsaamheid nie, behalwe natuurlik hulle eie patológiese onverdraagsaamheid van God, die Tien Gebooie, die Bybel, die Evangelie, Christene, Israel en Ortodokse en Messiaanse Jode.

26. **GAWES WAT DIE ATEÏS VERWERP HET.** Wanneer ateïste besluit om die *dood* bo die *lewe* te kies (bv. deur te weier om hul vrede met God te maak) verwerp hulle 'n skatkis van kosbare gawes en geskenke wat al die goud in Fort Knox nie sal kan koop nie. Byvoorbeeld:

26.1 Die VERGIFNIS van SONDE [Jesaja 1:18; 1 Johannes 1:7; Johannes 3:16; Romeine 6:23; 8:1AOV].

26.2 Die gawe van die EWIGE LEWE [Johannes 3:16; Romeine 6:23; Johannes Hoofstuk 17AOV].

263 Christus se gawe van GENADE [Efesiërs 4:7AOV].

26.4 Die gawe van GEREGTIGHEID [Romeine 5:17AOV].

26.5 Die gawe van GELOOF [Efesiërs 2:8AOV].

26.6 Die gawe van die HEILIGE GEES [Handelinge 2:38AOV].

26.7 Die GEESTELIKE GAWES [1 Korinthiërs 12AOV].

a. 'n Woord van WYSHEID [1Kor. 12:8aAOV].

b. 'n Woord van KENNIS [1Kor.12:8bAOV].

c. 'n Woord van GELOOF [1Kor.12:9aAOV].

d. Die Genadegawes van GESONDMAKING [1Kor.12:9bAOV].

e. Die Gawe van die WERKING VAN KRAGTE [1Kor.12:10aAOV].

f. Gawes van PROFESIÉ [1Kor.12:10bAOV].

g. Die gawe van die ONDERSKEIDING VAN GEESTE [1Kor.12:10cAOV].

h. Die gawes van ALLERHANDE TALE en die UITLEG VAN TALE [1Kor.12:10dAOV].

26.8 Die gawe van GOEIE DINGE [Mattheüs 7:11AOV].

26.9 Die gawe van 'n WONING in die Vader se *Huis van Baie Wonings* [Johannes 14:2AOV].

26.10 Die gawe van SIERAAD vir as [Jesaja 61:3aAOV].

26.11 Die gawe van die VREUGDE-OLIE vir treurigheid [Jesaja 61:3b].

26.12 Die gawe van die GEWAAD VAN LOF vir 'n verslae gees [Jesaja 61:3cAOV].

26.13 Die gawe van die WATER van die LEWE en die BOOM van die LEWE:

> *"En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies."*
> [Openbaring 22:1-2AOV].

27. **HOOP VIR ATEÏSTE.** Twaalf stellings om te bewys dat daar hoop is vir ateïste bereid om hulle uit die ongeloof te bekeer:

27.1 **Stelling#1. God wil hê dat almal gered moet word.**

> *"Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom."*
> [1Timotheüs 2:3-4AOV].

27.2 **Stelling#2. God nooi selfs die ateïs om na Hom te kom vir Saligheid.**

"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek."

[Jesaja 1:18-20AOV].

27.3 Stelling#3. God het die volste reg om genade te bewys wanneer Hy genade wil bewys..

"Maar Hy antwoord: Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die HERE uitroep; maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm."

[Exodus 33:19AOV].

27.4 Stelling#4. God weerstaan die hoogmoedige maar aan die nederiges gee Hy genade.

"Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade."

[Jakobus 4:6AOV].

27.5 Stelling#5. Die loon van die sonde is die dood.

"Want die loon van die sonde is die dood … "

[Romeine 6:23aAOV].

27.6 Stelling#6. Alle mense het gesondig.

"…want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God."

[Romeine 3:23AOV].

27.7 Stelling#7. Die Gawe van God is die Ewige Lewe deur Jesus Christus onse Here.

"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."

[Romeine 6:23AOV].

27.8 Stelling#8. Jesus Christus het in die wêreld gekom om sondaars te red.

"Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red."

[1Timotheüs 1:15aAOV].

27.9 Stelling#9. God het nie vir Jesus Christus gestuur om die wêreld te veroordeel nie.

"Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. "
[Johannes 3:17AOV].

27.10 Stelling#10. Jesus Christus is die enigste Naam waardeur die wêreld gered kan word.

"En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."
[Handelinge 4:12AOV].

27.11 Stelling#11. Indien ateïste die Naam van Jesus bely sal hulle gered word.

"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding. Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie."
[Romeine 10:9-11AOV].

27.12 Stelling#12. Daar is blydskap in die Hemel wanneer selfs een sondaar hom bekeer.

"So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer."
[Lukas 15:10AOV].

"En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet."
[Openbaring 21:6bAOV].

The Touch of the Master's Hand

(Myra Brooks Welch, 1878-1959)

'Twas battered and scarred and the auctioneer thought it scarcely worth his while
To waste much time on the old violin, but he held it up with a smile.

"What am I bid, good folk?" he cried.
"Who'll start the bidding for me?
A dollar, a dollar … now two … only two … Two dollars, and who'll make it three?
"Three dollars once, three dollars twice,
Going for three" … but no!

From the room far back a gray-haired man came forward and picked up the bow.
Then wiping the dust from the old violin and tightening up the strings, he played a melody pure and sweet,
As sweet as an angel sings.
The music ceased, and the auctioneer, with a voice that was quiet and low,
Said,

"What am I bid for the old violin?" As he held it up with the bow.
"A thousand dollars … and who'll make it two? Two…two thousand, and who'll make it three?
Three thousand once and three thousand twice;
Three thousand and gone!" said he.
The people cheered, but some of them cried
"We do not quite understand … What changed it's worth?" Swift came the reply:
" 'Twas the touch of the master's hand."

And many a man with soul out of tune and battered and scarred by sin, is auctioned cheap by the thoughtless crowd just like the old violin.
A mess of pottage, a glass of wine; a game, and he travels on.
He is 'going once', and 'going twice', He's 'going' and almost 'gone'.
But the Master comes and the foolish crowd never can quite understand,

Verwysings

1. Bybel (Afrikaanse Ou Vertaling).
2. Grok Insights.
3. Myra Brooks Welch, 1878-1959: 'The Touch of the Master's Hand'.
4. Stassen Argiewe.

Hoofstuk 2

'N BOTSING TUSSEN VIER BESKAWINGS

Indien jy nie bereidwillig is om mag te gebruik om die beskawing mee te verdedig nie, wees dan bereid om barbarisme te aanvaar.
(Thomas Sowell,
b.1930)

Dit wil voorkom asof die ganse wêreld vasgevang is in 'n botsing tussen vier invloedryke "beskawings" (wêreldbeskouings) of magte, d.i., tussen die *(i) Evangeliese Christendom,* (soos gefundeer op die Judaïsme en die Evangelie van Jesus Christus), *(ii) Marxisme-Sosialisme, (iii) Darwinisme (Wetenskap Panteïsme /Ateïsme),* en *(iv) Islamitiese Jihadisme*.

Oral waar ons kyk merk ons hierdie ideologieë, wêreldbeskouings en kragte op wat toenemend meeding om beheer oor die samelewing, d.i., die finale, groot, *Oorlog van Idees* het ten einde laaste sy opwagting gemaak in al sy skitterende, bloeddorstige glorie.



1. **EVANGELIESE CHRISTENDOM.** Die Evangeliese Christendom is 'n Protestantse beweging gewortel in die tradisies van die Judaïsme (Ou Testament) en die Evangelie en leringe van Jesus Christus waarmee ons deeglik bekend gemaak is in die nuwe Testament.

Dit beklemtoon 'n persoonlike, lewensveranderende verhouding met God deur geloof in Jesus Christus as die Messias (van die Jood) en Redder-Heiland (van die Christen) wie, volgens die Christelike geloof, die Messiaanse Joodse profesieë rondom die koms van Jesus vir die redding en versoening van die mens met God.

Soos gefundeer op die Judaïsme se Monoteïsme, die Tien Gebooie (,orele Wetgewing) en verbondsverhouding met God, sien Evangeliese Christene Jesus se lewe, dood, en opstanding as daardie sentrale gebeurtenisse oop vir alle mense, en nie net vir die Joodse volk en Christene nie. Die Evangeliese Christendom berus hoofsaaklik op vier sleutel pilare:

1.1 **Biblisisme (Sentraliteit van die Bybel).** Die Bybel, bestaande uit die Ou Testament (Hebreeuse Bybel), en die Nuwe Testament, is die finale, hoogste gesag, d.i., Goddelik geïnspireer, vir die lei van die gelowige in die Paaie en Wil van die Skepper.

1.2 **Kruis-sentrisme (Sentraliteit van die Kruis).** Die kruis, waar Jesus se offerdood vir die versoening van die mens se sondes betaal het, is die hart van die *Soteriologié* (die studie van die Saligmaking) wat spreek van daardie Joodse versoenings-tradisies soos deur die Christen ge-reïnterpreteer as 'n finale, universele offer vir die mensdom, d.i., vir enigiemand wat dit blymoedig assulks in die geloof sou aanvaar, 'n konsep wat egter nie met *Universalisme* (Godsdiens Sinkretisme) verwar moet word nie.

1.3 **Konversionisme (Bekering).** Die vertrekpunt dat 'n persoon 'n 'geestelike regenerásie' (wedergeboorte) sal en behoort te ondergaan *nadat* (en nie voordat) hy tot die geloof in Christus gekom het. Geloof ontsluit begrip, en die bekeerling bekeer hom dus uit die ('heidense') ongeloof tot die Evangelie van Jesus Christus, en nie (soos deur sommige geleer) van sy sondes na 'n onmiddelike salige, perfekte toestand nie. 'Bekering' beteken 'n 180° ommekeer van die wil en van die rigting (d.i., 'n verstelling van die geestelike trajek), en nie bloot om 'n 'nuwe blaadjie' om te slaan nie.

Op die dag van Pinkster met Petrus se doop van ongeveer 3000 siele, het daardie 3000 bekeerlinge nie nodig gehad om eers die feit dat hulle opgehou het met vloek, lieg en swets te kon bewys nie; hulle was inteendeel oombliklik aanvaar nes hulle was, sonder om 'n getuigskrif van die dominee, werkgewer, skoolhoof of magistraat 'n *Sertifikaat van Voorbeeldige Gedrag* aan die Apostel Petrus vóór te lê.

1.4 **Aktivisme (Evangelisasie).** Gelowiges is deur Jesus Christus geroep tot die verkondiging van die Evangelie aan die mensdom in terme van die *Groot Bevel* (Mattheüs28:19-20) gefundeer op die oorspronklike Mosaïse oproep tot geregtigheid en saligheid vir alle mense.

De Evangeliese Christendom reken die mensdom as gevalle deur die sonde van Adam, 'n idee met sy wortels in die Boek van Genesis, maar wie vrygekoop kan word van die verderf deur die kruisdood, offer, opstanding en geloof in die geregtigheid van Jesus Christus.

Die Evangeliese Christendom beklemtoon verder die *Eskatologié,* d.i., die spoedige Wederkoms van Jesus Christus soos afgelei uit die apokaliptiese invloed van die Ou Testament (Bv. Daniël ens.) en die leringe van Jesus rondom Eindtyd en die Koninkryk van God (Mattheüs Hoofstuk24).

In die praktyk is die Evangeliese Christendom ryk en gediversifiseerd oor kulture, denominasies en politieke invloed heen, maar saamgesnoer

deur 'n gedeelde entoesiasme vir die Bybel en die Saligheidsbelofte van Jesus Christus inherent in die Evangelie-boodskap.

2. **MARXISME-SOSIALISME.** Die huidige Marxisties-Sosialistiese perspektief is gefundeer op die basiese idees van Karl Marx, maar plek-plek in die politiek soos aangepas na 'n moderne ideológiese konteks.

Dit kritiseer die Kapitalisme as 'n inherente uitbuitende stelsel, wat rykdom en mag in die hande van 'n minderheids-elite konsentreer en wat sosiale ongelykheid en omgewingsverval tot gevolg het. Vandag se Marxiste-Sosialiste meen dat geglobaliseerde Kapitalisme, met sy neoliberale beleide, hierdie sake vererger met korporatiewe oorheersing, loon-onderdrukking en die kommodifikasie van basiese behoeftes soos gesondheidsorg, behuising, en opleiding & ontwikkeling.

Sentraal tot hierdie standpunt is die mening dat die werkersklas ('Proletariaat') onderdruk bly danksy die eienaarsklas ('Bourgeoisie'), dikwels in terme van demografiese veranderlikess soos ras, geslag en die invloed en geskiedenis van kolonialisme. Die oproep van kommuniste-sosialiste gaan oor kollektiewe eienaarskap van produksie, met demokratiese beheer oor bronne in stede van gesentraliseerde staatsbeheer, wat sommige vanselfsprekend sal kritiseer as 'n fout in historiese Marxistiese eksperimente, soos bv. die voormalige Sowjet-Unie as gevolg van ekonomiese stagnasie, produksie-oneffektiwiteit en die behoefte vir aanpassing na die werklikheid van die ekonomie.

Die Marxisme-Sosialisme sal dus konsentreer op die herverdeling van rykdom, die implementering van 'n universele sosiale program en die afbreek van sogenaamde "imperialistiese strukture". Dit staan verder skepties oor "hervorming" in die Kapitalisme, en sal gewoonlik aandring op rewolusionêre verandering. Marxiste-Sosialiste sien die geskiedenis as 'n klassestryd-in-ontplooing, 'n toekomstige bestel waar arbeid nie ter wille van winste uitgebuit sal word nie. Hierdie beskouing bots natuurlik trompop met die Kapitalisme waar wins die lewensbloed van die nywerheid, industrialisasie, ekonomiese groei, werkskepping en sosiale welvaart is. Sonder winste sal daar waarskynlik nie eers iets soos arbeid wees nie, wat nog arbeid wat nie uitgebuit word ter wille van winste nie, want sonder winste sal geen maatskappy of fabriek eers kan bestaan nie.

3. **DARWINISME (WETENSKAP PANTEÏSME).** Darwinisme, in breë terme, verwys basies na die teorie van biologiese Evolusie, soos voorgestel deur Charles Darwin, in sy 1859 boek, *On the Origin of Species by Means of Natural Selection, or the Preservation of Favoured Races in the Struggle for Life* (let op die tipies rassistiese verwysing na "gunsteling rasse" in die titel).

Die vertrekpunt van die Darwinisme is dat alle spesies oor tyd heen vanaf gemeenskaplike voorouers ontwikkel het deur die proses van "natuurlike seleksie", met die sentrale gedagte dat daardie organismes wat die beste

aangepas is tot hulle omgewings waarskynlik die beste kans op oorlewing en reproduksie sal hê, en wat ook daardie voordelige eienskappe dienooreenkomstig na hulle nageslag sal oordra, terwyl die minder aangepastes sal uitsterf.

Oor miljoene jare heen lei hierdie proses (na bewéring) tot die diversifikasie van spesies, en die kompleksiteit onder spesies soos ons dit vandag sien. Die Darwinisme berus op 'n klompie beginsels soos volg:

3.1 **Variasie.** Individue in 'n spesie vertoon verskille in eienskappe.

3.2 **Oorerwing.** Sommige van hierdie eienskappe is oorerflik, wat deur ouers na die nageslag oorgedra word.

3.3 **Die Stryd om Voortbestaan.** Bronne is beperk, wat lei tot mededinging onder mekaar waar slegs die "fiksstes" sal floreer ('die oorlewing van die fiksstes', 'n term bekend gemaak deur Herbert Spencer.

3.4 **Aanpassing.** Eienskappe wat oorlewing en reproduksie begunstig sal meer algemeen word en spesies oor generasies heen slyp. Gebaseer op waarnemings van die natuur, bv., soos die bek variasies van Galápagos vinke, het die Darwinisme toenemend die statiese uitkyk op die Bybelse Skeppingsteorie begin daag en bevraagteken, terwyl 'n 'Evolusionêre' skeppingsproses terselftertyd meer veld begin wen het, d.i., 'n proses gebaseer op materialisme wat op waarneembare fisiese en/of biologiese prosesse, in stede van bonatuurlike teorieë gefundeer is, waartydens genetiese prosesse en mutasies in die natuur in verband gebring word met natuurlike seleksie en DNA.

Die Darwinisme suggereer 'n raamwerk vir 'n begrip vir die oorsprong en diversiteit van lewe wat wetenskap, filosofié en die debat oor die mensdom in die natuurlike wêreld beïnvloed. Die ateïstiese element van Darwinisme spruit voort uit sy naturalistiese verduideliking van lewens-oorspronge en diversiteit, wat bots met tradisionele, Bybelse verklarings vir die Skepping.

Deur voor te stel dat spesies deur natuurlike biologiese prosesse ontwikkel aangedrewe deur toevallige variasie en omgewingsdruk, het die Darwinisme probeer om die behoefte aan 'n doelgerigte *Intelligente Ontwerper* of Goddelike intervensie uit te skakel, wat natuurlik klaaglik misluk het by gelowe soos die Islam, Judaïsme en veral die Christendom waar God as die Goddelike Skepper en Outeur van Lewe gesien word.

Darwin was nie 'n militante ateïs nie, maar eerder 'n ongeërgde agnostikus, en was hy dus heeltemal tevrede met sy meganistiese verklaring vir die oorspronge en diversiteit van spesies. Indien komplekse biologiese organismes uit eenvoudiger vorme kon ontwikkel, waarom sou die bestaan van 'n Goddelike Wese, het hy geredeneer, nodig wees?

Hierdie materialistiese raamwerk wat 'n Kosmos sonder die betrokkenheid van enige Bonatuurlike Agentskap insluit is dus ten volle belyn met die Nuwe Ateïsme van vandag, wat die behoefte aan 'n 'komplekse horlosiemaker' (Skepper) onnodig maak. Wat die Darwinisme uit die oog verloor is dat die meeste van Darwin se idees intussen verouderd en uitgediend geword het, veral ná die ontdekking van DNA.

3.5 **Darwinisme ondermyn die Christelike Geloof en Bybelse aansprake.** Christene is van mening dat die Darwinisme die Bybelse teks en leer ondermyn en die ses skeppingsdae van Genesis (asook die historiese feit van die bestaan van Adam en Eva) wil afskryf as 'n nuttelose, verspotte Joodse tradisie en mite.

Aangesien die lewe dus toevallig en spontaan sonder God ontstaan het, glo die Darwiniste en ateïste vanselfsprekend dat daar nie meriete in die standpunt oor 'n Hiernamaals en Lewe na die dood kan wees nie, aangesien die mens niks meer as 'n dier ('primaat') is nie en dus nie soiets soos 'n Skepper, in wie se beeld hy geskape is, gehad het nie. Die Darwinisme blaas petrol op die vuur van Ateïsme en Skeptisisme, en maak dit die hoeksteen van die debat tussen Wetenskap en Geloof.

Hou egter in gedagte dat die Darwinisme toenemend deur Christene as 'n verouderde kwasi-wetenskap gesien word waarvan die raklewe reeds dekades gelede verstryk het. Trouens, dit word deesdae ook toenemend uitgeklee as niks meer nie as 'n feëverhaal vir volwassenes wat weier om groot te word. Hoe begin 'n feëverhaal vir kindertjies nou weer? *("Lank, lank gelede ...!").* Hoe begin 'n feëverhaal vir volwassenes nou weer? *("Miljoene, miljoene jare gelede ...!").*

Evangeliese Christene is nie so liggelowig as daardie lede van die publiek wat alles wat die Darwinisme, wat op 'n onetiese wyse allerhande onfalsifiseerbare inligting en teorieë voorlê as getuienis vir Evolusie, aan hulle probeer vertel summier blindelings glo nie. Werklike natuurwetenskap vereis falsifiseerbare inligting as bewyse vir Evolusie.

Die *Australopithecus* fossiele van Suid-Afrika ('Maropeng: Wieg van die Mensdom') is alreeds lank gelede deur Sir Arthur Keith ('n evolusionis) as 'nie-voldoende' getuienis vir Evolusie afgeskryf, aangesien die skedels van die *Australopithecus* as hopeloos te klein (<750cc) beskou word om as 'n voorloper 'hominid' vir die mens ('Homo sapiens') aanvaar te kan word.

3.6 **Skeppende Evolusie.** Hierdie skrywer verwerp die gedagte dat die 'Skeppende Evolusie' ('Darwiniaanse Skepping') outomaties as 'n geldige wêreldbeskouing in die plek van die Genesis Skeppingsverhaal vervang moet word, en dit bloot net om op 'n respektabele wyse met die 'wetenskap' te probeer tredhou, of om die Evolusie-gesindes in die kerk (met hulle groot finansiële bydraes) te probeer paai. Indien ons daardie

roete slaafs sou volg, sal ons die Bybel elke 10 jaar moes oorskryf, aangesien wetenskaplike idees nogal heel dikwels verouder en verval.

In terme van die bogenoemde vertrekpunt illustreer ek hieronder waarom die *Skeppende Evolusie (Darwiniaanse Skepping)* nie 'n haalbare idee of teorie kan wees nie:

Stelling #1: Die *Klassieke Darwinisme* is gefundeer op twee pilare:

a. Die Darwinisme/Evolusionisme is 'n wáre en geldige wetenskaplike feit.

b. God bestaan nie (Die Darwinisme is, vir alle praktiese doeleindes, basies 'n heidense, ateïstiese beweging).

Stelling #2: Sou die *Klassieke Darwinisme* ooit as *wáár en geldig* bevind word, dan sou die *Kreatiewe Evolusie (Darwiniaanse Skepping)* nie moontlik kon wees nie, aangesien in die *Klassieke Darwinisme,* God nie bestaan nie (Doen die sommetjie: Vir *Kreatiewe Evolusie* moet God bestaan).

Stelling #3: Sou die *Klassieke Darwinisme* egter as onwáár en ongeldig bevind word, sal die *Kreatiewe Evolusie (Darwiniaanse Skepping)* weereens as onmoontlik bevind moet word, aangesien in die geval, sou soiets soos Evolusie nie bestaan nie, al sou God bestaan het (Doen die sommetjie: Vir *Kreatiewe Evolusie* moet Evolusie bestaan).

Stelling #4. Vir die *Skeppende Evolusie (Darwiniaanse Skepping)* om as 'n geldige, geloofwaardige teorié aanvaar te word, moet die volgende pilare terselftertyd wáár wees: *(i) God moet bestaan* en *(ii) die Evolusieleer moet wáár wees.* Aangesien Evangeliese Christene egter 'n probleem het om Darwinisme as 'n geldige en haalbare wetenskap-teorié te aanvaar, sal voorstaanders van 'n Darwiniaanse Skepping 'n alternatiewe (nie-Darwiniaanse) ideológiese model moet produseer om die "miljoene jare skepping" te bewys, 'n tipe "skepping" wat nie deur Jesus Christus, wie nooit gelieg het nie, in die Nuwe Testament ondersteun word nie.

3.7 Onfalsifiseerbare Data: Ongeldige Voorbeelde aangebied deur Darwiniste (Wetenskap Panteïste) as Bewyse vir Evolusie.

- Geologiese strata wat "miljoene jare oud" is. (BESWAAR: Niemand kan "miljoene jare" in tyd teruggaan om hulle aansprake te gaan verifieer nie).

- Die ouderdom van die aarde aangegee as "4.54 miljoen jaar oud" (BESWAAR: Niemand kan "4.54 miljoen jaar" teruggaan in tyd om hulle aansprake te gaan verifieer nie).

- Die Kosmos aangegee as "3.7 miljard jaar oud"(BESWAAR: Niemand kan 13.7 miljard jaar teruggaan in tyd om hulle aansprake te gaan verifieer nie).

- Die Oerknal (BESWAAR: Niemand kan teruggaan "13.7 miljard jaar" in tyd en terugkeer as bona fide ooggetuies van die Oerknal nie). Die Oerknal Teorie word in elk geval heftig deur sulke vername wetenskaplikes soos (onder andere) Sir Fred Hoyle en Michio Kaku verwerp.

P.S. Darwiniste behoort hulle sogenaamde (onfalsifiseerbare) bewyse vir Evolusie eerder "raaiskote" of "vergissings" te noem ... dit sou die meer eerbare ding wees om te doen. Ware wetenskap vereis *falsifiseerbare data* as "bewyse" vir Evolusie. Soos alreeds genoem, eenmaal, toe ek 'n evolusionis konfronteer oor hulle liederlike gewoonte om onfalsifiseerbare getuienis aan te wil bied as bewyse vir Evolusie, was sy antwoord: *"Ons data word teoréties gefalsifiseer."* Sal ons lag of huil?

4. **JIHADISME/ISLAMISME.** Hieronder volg 'n lys van tien besware teen Jihadisme, Islamisme, and Islamitiese ekstremisme, met die klem op hulle ideológiese, sosiale en praktiese gevolge, soos verbind aan vergrype sedert 1900 om hul impak te illustreer.

Hierdie besware kritiseer die misbruik van godsdienstige konsepte, die skade aan beide Islamitiese en nie-Islamitiese populasies, asook die breër destabilisering effek daarvan. Elke beswaar is op kritiese ontleding gegrond, terwyl die afhanklikheid van 'n enkele, eensydige vertrekpunt versigtig vermy word. Let op dat hierdie onderskeie ideologieë nie noodwendig sinoniem met mekaar is nie:

- JIHADISME. Dit beklemtoon die geweldadige installering van 'n Islamitiese regering.

- ISLAMISME. Dit streef na die politieke afdwinging van Islamitiese beginsels (dikwels nie-gewelddadig).

- ISLAMITIESE EKSTREMISME. Dit omsluit 'n radikale vertolking wat geweld en streng sosiale sosiale beheer voorstaan.

4.1 **Top Tien Besware teen Jihadisme/Islamisme/Islamitiese Ekstremisme.** Hierdie tien besware is versamel oor 'n wye veld van bronne:

4.1.1 **Geweld en Ekstremisme.** Jihadisme sal dikwels gewelddadige metodes, insluitend terrorisme, gebruik, wat beserings aan siviele populasies insluit, en dit in stryd met etiese en morele beginsels.

4.1.2 **Misinterpretasie van Islam.** Jihadisme is geneig om Islamitiese lering skeef te trek en te verwring, d.i., deur teks uit die Koran ens. selektief te gebruik met die doel om geweld te regverdig terwyl beginsels oor vrede en genade teenoor ander (soos aanbeveel in die Koran en die Hadith) te ignoreer.

4.1.3 **Menseregte Vergrype.** Jihadistiese ideologieë sal dikwels praktyke, soos bv. die verdrukking van vroue en afvalliges, endosseer, wat in stryd is met universele menseregte standaarde.

4.1.4 **Destabilisering van Gemeenskappe.** Jihadistiese bewegings dra by tot politiese en sosiale destabilisering, wat konflik veroorsaak waar dit toegepas word en dus goeie regering ondermyn.

4.1.5 **Verwerping van Modernisering.** Jihadisme weerstaan moderne waardes soos demokrasie, sekularisering en wetenskap vooruitgang wat hulle uiteindelik van die wêreld vervreem. Dit wil werklik soms voorkom asof sulke gemeenskappe kultureel nog steeds in die 7de eeu (Ná Christus) vasgevang is.

4.1.6 **Sektariese Verdeeldheid.** Dit vererger verdeeldheid in Islam, veral tussen Sunni en Shia, wat inter-religieuse konflik verhoog en die Moslem-gemeenskap verswak.

4.1.7 **Ekonomiese Ontwrigting.** Jihadistiese aktiwiteite soos terrorisme ontwrig die ekonomie en perpetueer armoede in geaffekteerde areas.

4.1.8 **Globale Sekuriteits-bedreiging.** Jihadistiese groepe is ‘n transnasionale bedreiging wat internasionale militêre reaksies uitlok en verhoogde sekuriteitsmaatreëls vereis.

4.1.9 **Vervreemding van Moslems.** Deur Islam met geweld te assosieer, is die Jihadisme geneig om Islamofóbie onder nie-Moslems aan te moedig, asook gematigde Moslems te marginaliseer, en dus sodoende hulle integrasie in diverse gemeenskappe te bemoeilik.

4.1.10 **Utópiese Drogredenasie.** Die droom van ‘n globale, Sharia-gedrewe ‘Kalifaat’ (‘Caliphate’) word deur redelike mense as onrealisties en afgesny sien van die ideale van moderne, pluralistiese gemeenskappe. Soos reeds genoem: Dit wil voorkom asof hierdie mense nog steeds worstel om kultureel uit die 7de eeu te ontsnap..

NOTAS.

a. **Ideológiese Wortels.** *Jihadisme* sal dikwels inspirasie trek uit die idees van 20ste-eeu denkers soos Sayyid Qutb, wie moderne gemeenskappe as "jahiliyyah" (onkundig) beskrywe, en om sodoende die gebruik van geweld vir die vestiging van 'n Islamitiese regering te regverdig. *Islamisme,* soos verstaan deur groepe soos die 'Moslem Broederskap' ('Muslim Brotherhood'), sal wel nie-gewelddadige politieke doelwitte nastreef maar steeds met ander die droom van 'n Sharia-gebaseerde regering deel. *Ektremisme* omarm beide, en sal dikwels gematigde Islamitiese denke verwerp.

b. **Die Impak van Vergrype.** Gewelddadige insidente is nadelig vir Moslems, en, met 80–90% van Moslem-gedrewe Jihadistiese aanvalle, ondermyn Islam se beleid van die "Ummah" (d.i., die eenheid en solidariteit van alle Moslems).

c. **Die Omvang van Besware.** Besware kritiseer hierdie ideologieë se interne tekortkominge, bv., misinterpretasie, verwerping van pluralisme en eksterne gevolge (bv., destabilisasie, globale bedreiginge) waarvoor historiese voorbeelde volop is.

5. **GEVOLGTREKKING.** Dit spreek dus vanself dat die ideologié en sentiment agter die Evangeliese Christendom bewegings soos die *(Linksgesinde, Ateïstiese en Fascistiese) Marxisme, Kommunisme, Sosialisme, Darwinisme, Sekulêre Humanisme, Islamitiese Jihadisme* en soortgelyke, *nie-Christelike "ismes"* verwerp. Die Bybel leer duidelik:

> *"Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.*
> *Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.*
> *Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.*
> *Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.*
> *Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.*
> *Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.*
> *En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges en vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak, waarvoor ek 'n gesant is in kettings, sodat ek daarin vrymoediglik mag spreek soos ek moet spreek."*

[Efesiërs 6:10-20AOV].

Verwysings

1. Bybel (AOV).
2. Grok Insights (X)
3. Stassen Argiewe

Hoofstuk 3

'N TERUGSTEL VAN DIE KATOLISISME

Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus
[1Timotheüs 2:5AOV].

Areas van kommer met betrekking tot die Katolieke geloof mag die volgende temas, soos respekvol bespreek, insluit:

1. **MARIA-VERÉRING.** Evangeliese Christene deel nie met Katolieke dieselfde sentimente oor (en entoesiasme vir) hierdie saak nie, aangesien Evangeliese Christene glo dat Christene tot God bid deur slegs een Middelaar van belang, nl. Jesus Christus. Die Bybel leer:

> *"Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus."*
> [1 Timotheüs 2:5AOV].

L.W. Hierdie is die bekendste teksvers wat *Jesus Christus as die enigste Middelaar tussen God en die mens* identifiseer. Nietemin is ondersteunende teksvers-bewyse daarvoor volop:

> *"Maar nou het Hy [JESUS] 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is."*
> [Hebreërs 8:6AOV].

> *"En daarom is Hy [JESUS] Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang."*
> [Hebreërs 9:15AOV].

> *"en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel."*
> [Hebreërs 12:24AOV].

> *"En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam [as JESUS CHRISTUS] onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."*
> [Handelinge 4:12AOV].

L.W. Hierdie teksvers leer duidelik dat Saligheid op geen ander wyse as in die naam (en deur die persoon) van Jesus Christus moontlik is nie.

2. **DIE APOSTEL PETRUS SE SOGENAAMDE 'ROTS' STATUS.** Evangeliese Christene stem nie saam met die Roomse Katolieke dat Petrus die 'Rots' is waarop die Kerk (Ekklesia) gebou is nie. Ek verduidelik:

2.1 **'n Herbesoek aan die Gesprek tussen Jesus en Petrus.** Die Bybel leer:

> *"En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."*
> [Mattheüs 16:18AOV].

In hierdie teksvers vind ons Petrus waar hy openlik bely dat Jesus die Christus, die Seun van die Lewende God is (Mattheüs 16:16). Die naam 'Petrus' (Grieks: 'Petros') beteken rots of klip (steen), terwyl Jesus verklaar dat "op hierdie rots" ('Petra') Hy Sy kerk sou bou. Hier word dit belangrik dat ons die nuansies in die gesprek korrek verstaan:

- Die naam 'Petros' (Petrus) beteken in Grieks 'n "klein klippie" ("a small pebble or rock"/KJV+), d.w.s. Petrus.

- Die naam 'Petra', d.i., die Rots waarop Jesus Sy kerk sou bou, beteken in Grieks "'n groot rots of steen", d.w.s. Jesus Christus self.

Wat Jesus dus in effek en by implikasie vir Petrus gesê het was dat, *"Alhoewel jou naam ('Petros') 'rots' ('n 'klein klippie') beteken, gaan Ek My kerk op Myself, d.i., 'n 'reuse rots' ('Petra') bou."*

Hierdie vertolking van Mattheüs16:16 word oraloor deur meeste Evangeliese Christene aanvaar … waarom die Rooms Katolieke (en sommige Protestantse kerke) hierdie basiese inligting van die lidmate weerhou, slaan my dronk.

Nou, waarom het Jesus dan nou juis vir Petrus uitgesoek om hierdie gesprek mee te voer? Die rede is voor die hand liggend: Omdat Petrus die enigste een was met die regte naam in terme waarvan die analogié nuttig gebruik sou kon word (d.i., 'Petros' = 'Klein Klippie'). Aangesien die ander

dissipels se naam nie 'Petrus' was nie, sou die analogié (Petra vs. Petros: Reuse Rots vs. Klein Klippie) nie met hulle gewerk het nie. Hieronder: Sien 'n uittreksel uit die aanlyn *E-Sword.net* naslaan-notas:



Hierdie uittreksel uit *E-Sword.net* illustreer duidelik hoe die aanname dat Petrus die rots is waarop die Kerk gebou is, inkorrek is. (Verwys: E-Sword.net).

2.2 **Die Steen waarop die kerk Gebou is.** Die feit dat Jesus Christus die 'ROTS' is waarop die Kerk gebou is, word op verskeie plekke in die Bybel profétie en/of geskiedkundig bevestig.

> *"Die steen [JESUS] wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword."*
>
> [Psalm 118:22AOV].

(L.W. Hierdie teksvers uit die Psalms is 'n Messiaanse profesié (uit die Ou Testament) wat heenwys na Jesus, as die "steen wat die bouers verwerp het" … en beslis nie na Petrus. [Verw.: Mattheüs 21:42, Handelinge 4:11]).

"Dan sal Hy [JESUS] vir julle 'n heiligdom wees, maar 'n klip waar 'n mens teen stamp en 'n rots waar 'n mens oor struikel, vir die twee huise van Israel, 'n vangnet en 'n strik vir die inwoners van Jerusalem."

[Jesaja 8:14AOV].

(L.W. Let op die hoofletter 'H' in 'Hy'. Hierdie teksvers beskrywe 'n hemelse figuur of persona wat beide skuiling en 'n steen des aanstoots sou wees, wat Nuwe Testamentiese outeurs alles aan Jesus toeskryf (bv., Romeine 9:33, 1Petrus 2:8).

"… daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie."

[Jesaja 28:16AOV].

(L.W. Dit is nog 'n Messiaanse profesié wat verwys na 'n hoeksteen wat deur God gelê sou word [e.g., Romeine 9:33, 1 Petrus 2:6] verwysend na Jesus).

"U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het."

[Daniël 2:34-35AOV].

(L.W. Die "steen sonder mensehande gesny" word gesien as 'n simbool van Christus se Koninkryk, wat alle aardse magte vernietig en God se Ewige Heerskappy sal vestig).

"Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë?"

[Mattheüs 21:42AOV].

(L.W. Hier verwys Jesus na Psalm 118:22 met Homself as die verwerpte steen wat die hoeksteen sou word).

"Het julle nie ook hierdie Skrifwoord gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword?"

[Markus 12:10AOV].

(L.W. Net soos in Mattheüs 21:42, kwoteer Jesus Psalm 118:22, heenwysend na Homself.

"Maar Hy het hulle aangekyk en gesê: Wat beteken dan hierdie Skrifwoord: die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword?"

[Lukas 20:17AOV].

(L.W. Nog 'n voorbeeld waar Jesus na Homself verwys m.b.v. Psalm118:22).

"Waarom? Omdat dit nie uit die geloof was nie, maar net asof dit uit die werke van die wet was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot. Soos geskrywe is: Kyk, Ek lê in Sion 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling; en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie."

[Romeine 9:32-33AOV].

(L.W. Hierbo verwys die Apostel Paulus ook na Jesus, en nie na homself, in Psalm118:22, dus bevestigend van die feit dat Jesus, en nie Petrus, die vername 'Steen des Aanstoots' is).

"… en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus."

[1Korinthiërs 10:4AOV].

(L.W. Die Apostel Paulus bevestig Jesus as die Geestelike Rots. Kombineer ook Jesaja 8:14 en Jesaja 28:16 hierbo, en identifiseer Jesus as beide die *Steen des Aanstoots* en die *Fondasie van die Kerk* vir gelowiges).

"… gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is."

[Efesiërs 2:20AOV].

(L.W. Hier word Jesus uitdruklik as die Vernaamse Hoeksteen bevestig. [Verw. Jesaja 28:16 en Psalm 118:22]).

"Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus. Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie. Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots

van struikeling— vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is."
[1Petrus 2:4-8AOV].

"Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het."
[Handelinge 4:11AOV].

(L.W. Hierbo bevestig Petrus self dat Jesus, en nie hy wat Petrus is nie, die Rots is waarop die kerk gebou is).

DIE GETUIENIS VAN DIE APOSTEL PETRUS
Hierdie teksverse, irónies deur Petrus self, is oorvloedig met die 'steen' simboliek soos toepaslik op Jesus Christus

<u>Vers 4</u>: *"Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is."*

<u>Vers 6</u>: *"Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie." (Verw. Jesaja 28:16).*

<u>Vers 7</u>: *"Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling— " (Verw. Psalm 118:22).*

<u>Vers 8</u>: *"… vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is.."*
[1Petrus 2:4-8, verwysend na Jesaja 8:14AOV].

L.W. Hier verwys Petrus duidelik na Jesus as die *lewende steen, hoeksteen, en steen-des-struikeling/aanstoots.*□

2.3 **Jesus bestraf die Apostel Petrus, 'n Pous-kandidaat?** Die feit dat Jesus vir Petrus moes bestraf kom as 'n duidelike weerspreking van die leerstelling dat Petrus die 'rots' is waarop die Kerk van Jesus Christus gebou is.

Hierdie insident het plaas-gevind kort na Petrus se belydenis tot die effek dat Jesus die Christus was (Mattheüs 16:16) en Jesus se heenwysing na Homself as die Rots waarop Hy Sy Kerk sou bou (Mattheüs 16:18). Jesus bestraf Petrus skerp terwyl hy sy gedrag as Satanies, en teen God se plan, uitkryt. Toe Jesus Sy eie dood voorspel, was Petrus gou om te reageer:

"Toe neem Petrus Hom opsy en begin Hom bestraf en sê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie! "
[Mattheüs 16:22AOV].

Jesus reageer:

"Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense."
[Mattheüs 16:23AOV].

2.4 **Bestraffing van die Apostel Petrus deur die Apostel Paulus.** Paulus se bestraffing van Petrus bevestig die vertrekpunt dat Petrus nooit as 'n kandidaat vir die posisie van 'n toekomstige 'Pous' in die vroëe kerk oorweeg was nie:

> *"Maar toe Petrus in Antiochíë gekom het, het ek [PAULUS] hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het. Want voordat sommige van Jakobus af gekom het, was hy gewoond om saam met die heidene te eet; maar ná hulle koms het hy hom teruggetrek en hom eenkant gehou uit vrees vir die wat uit die besnydenis is. En saam met hom het ook die ander Jode geveins, sodat selfs Barnabas hom laat meevoer het deur hulle geveins. Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?"*
>
> [Galasiërs 2:11-14AOV].

2.5 **Die Apostel Petrus se Skoonmoeder.** Die Pous (selibaat) trou nie, en, aangesien Petrus getroud was, weerspreek dus die idee dat Petrus 'die eerste pous van die Rooms Katolieke Kerk was'. In die Nuwe Testament Evangelies verskyn die verwysing na Jesus se genésing van Petrus se skoonmoeder in al drie die Sinoptiese Evangelies. Terloops, dit is belangrik dat die leser besef dat Evangeliese Christene nie saamstem met die idee van 'n selibaat Pous of Roomse priesterdom nie; kerk-amptenary behoort normaalweg, soos die res van die mensdom, getroud te wees indien hulle huweliksmaats met geloofwaardige advies wil bedien.

Die voorval het nietemin in Simon Petrus se huis in Kapernaum plaasgevind (en 'Andreas' volgens Markus). Hierdie gedeelte bevestig dat Petrus 'n skoonmoeder gehad het en dat hy getroud was, en een van Jesus se vele wonderwerke. Van die vier Evangelies is die Evangelies volgens Johannes die enigste wat nie na die insident verwys nie.

> *"En toe Jesus in die huis van Petrus kom, sien Hy sy skoonmoeder siek lê aan die koors. En Hy het haar hand aangeraak, en die koors het haar verlaat, en sy het opgestaan en hulle bedien."*
>
> [Mattheüs 8:14-15AOV].

L.W. Die gedeelte hierbo beskryf hoe Jesus Petrus se huis binnegaan, Petrus se skoonmoeder sien met koors, en haar onmiddelllik genees.

> *"En dadelik toe hulle uit die sinagoge uitgegaan het, kom hulle saam met Jakobus en Johannes in die huis van Simon en Andréas. En die skoonmoeder van Simon het siek gelê aan die koors; en dadelik het hulle Hom van haar gesê. Daarop gaan Hy na haar, neem haar hand en rig haar op, en dadelik het die koors haar verlaat, en sy het hulle bedien."*
>
> [Markus 1:29-31AOV].

L.W. Markus (hierbo) se weergawe van die insident bevestig besonderhede omtrent die gebeurtenis.

> *"En Hy het opgestaan uit die sinagoge en in die huis van Simon gekom. En Simon se skoonmoeder was aangetas deur 'n hewige koors, en hulle het Hom geraadpleeg oor haar.Toe gaan Hy oor haar staan en bestraf die koors, en dit het haar verlaat, en sy het onmiddellik opgestaan en hulle bedien. ."*
>
> [Lukas 4:38-39AOV].

L.W. Lukas, 'n geneesheer, beskryf Petrus se skoonmoeder as "met hoë koors", en dat Jesus die koors "bestraf" het tydens haar genesing.

3. **DIE STATUS VAN DIE POUS.** Evangeliese Christene het etlike besware teen die manier waarop die Pous van die Rooms Katolieke Kerk sekere rolle slegs toeskryfbaar aan die Godheid (Drie-Eenheid) vir homself inpalm. Volgens my bronne maak die Pous onder andere aanspraak op die volgende titels:

3.1. **'Heilige Vader'.** Hierdie is 'n tradisionele titel wat deur die Pous vandag gebruik word wat veronderstel is om die geestelike Vaderskap van die Pous te beklemtoon. Aanspreekvorm: *"Sy Heiligheid, die Heilige Vader".*

BESWAAR. Nieteenstaande die feit dat Katolieke die rol wil minimiseer as beperk slegs tot Katolieke lidmate, en nie noodwendig van toepassing oor die ganse Christelike beweging nie, bestaan die moontlikheid dat die lidmate dit nie so sal verstaan nie, maar die titel eerder as 'universeel' sal begryp. Die indruk word geskep dat die Pous die rol van die ware Heilige Vader (die Hemelse Vader) probeer oorneem. Jesus het duidelik gewaarsku:

> *"En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is."*
>
> [Mattheüs 23:9AOV].

> *"En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons."*
>
> [Johannes 17:11AOV].

3.2 **'Plaasvervanger van Christus'.** Hierdie titel (uit die Latyn, d.i., 'Vicarius Christi') beklemtoon na bewéring die Pous se rol as plaasvervanger of verteenwoordiger van Jesus Christus op aarde, veral met betrekking tot die regering van die Kerk. Die amp word alreeds sedert die 8ste eeu gebruik en was eers later prominent geformaliseer.

BESWAAR. Die Pous kan nie die 'Plaasvervanger' van Christus op aarde wees nie aangesien die Heilige Gees juis deur Jesus self gestuur is om die Plaasvervanger van Christus op aarde te wees. Jesus leer:

"As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"

[Lukas 11:13AOV].

"En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte."

[Lukas 24:49AOV].

"Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig."

[Johannes 15:26AOV].

"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig."

[Johannes 16:13AOV].

3.3 'Hoof van die Kerk'.

BESWAAR. Die Pous kan nie die 'Hoof van die Kerk' wees nie aangesien Jesus Christus die Hoof van die Kerk is. Die Bybel leer duidelik:

"Want julle was soos dwalende skape, maar nou het julle teruggekeer na die Herder en Opsiener van julle siele."

[1Petrus 2:25AOV].

"En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul."

[Efesiërs 1:22-23AOV].

"En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees."

[Kolossense 1:18AOV].

"Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam."

[Efesiërs 5:23AOV].

"En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees."

[Kolossense 1:18AOV].

Hierdie teksverse bevestig baie duidelik vir Jesus Christus as die Hoof van die Christelike Kerk op aarde, en daar kan slegs één wees.

3.4 **'Biskop van Rome'.** Die grondtitel van die Pous, aangesien hy ook as die 'biskop' van Rome beskou word, danksy die Kerk se verbintenis met die Apostel Petrus.

BESWAAR. Geen beswaar nie teen die Katolieke Kerk se verbintenis met Rome; dit is 'n private, huishoudelike aangeleentheid. Maar, die verbintenis met die Apostel Petrus as die "eerste Pous" is nietemin nog steeds onaanvaarbaar. Sien Paragraaf 2.

3.5 **'Die Heilige Stad' (Rome).** Rome is nie die 'Heilige Stad' nie; daardie eer behoort aan Jerusalem alleen … nie Rome, nie Llasa in Tibet, nie Mekka of Medina …slegs Jerusalem!

BESWAAR. Die Bybel leer:

"En die owerstes van die volk het in Jerusalem gewoon, maar die res van die volk het die lot gewerp om een uit tien daartoe te bring om in die heilige stad Jerusalem te woon, en nege dele in die stede … Al die Leviete in die heilige stad was twee honderd vier en tagtig."
[Nehemia 11:1, 18AOV].

"… want hulle noem hul na die heilige stad en steun op die God van Israel, HERE van die leërskare is sy Naam … Ontwaak, ontwaak, beklee jou met sterkte, o Sion, trek jou sierlike klere aan, o Jerusalem, heilige stad! Want in jou sal verder geen onbesnedene of onreine meer kom nie."
[Jesaja 48:2; 52:1AOV].

"Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf."
[Daniël 9:24AOV].

"Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan …En ná sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die heilige stad ingekom en aan baie verskyn."
[Mattheüs 4:5; 27:53AOV].

"Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap … En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is … En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie

wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is."

[Openbaring 11:2;21:2; 22:19AOV].

3.6 **'Opvolger van die Prins van Apostels'.** Hierdie titel vewys na die Pous as die Opvolger van die Apostel Petrus, wie, soos die Katolieke glo, veronderstel is om die een te wees aangewys deur Jesus Christus as die Opvolger van Jesus. Uit beskikbare rekords toon dit eerder asof Paulus die vernaamste 'Opvolger' kon gewees het, maar dit is nie omstootlik assulks bewys nie.

BESWAAR. Evangeliese Christene beskou nie vir die Pous as die Opvolger van die 'Prins van Apostels' nie, wie ookal daardie 'Prins' mag wees. Sien Paragraaf2.

3.7 **'Opperpriester/Opperhoof/Hoëpriester (of 'Pontifex Maximus').** Dit beteken die 'Hoogste Priester' wat die Pous se rol as hoof liturgiese en geestelike leier van die RK-Kerk beklemtoon. Historiese was dit die gebruik deur (heidense) Romeinse heersers voordat dit deur die RK-kerk aangeneem is.

BESWAAR. Afgesien van of nieteenstaande die historiese verbintenis met Romeinse heersers uit die geskiedenis, beskou Evangeliese Christene nie die Pous as die Hoogste Priester, Opperpriester of Hoëpriester van die Christelike Geloof nie.

Eerstens was die rol van die priester en hoëpriester uit die Ou Testament onder die nuwe bestel afgeskaf. Daar bestaan nie meer soiets soos die rol van 'n priester of hoëpriester in die Kerk buiten die rol van die ware Hoëpriester van ons Geloof na die Orde van Melgisédek, naamlik Jesus Christus, nie. Inteendeel word *alle Christene* beskou as lede van 'n heilige priesterdom; Jesus Christus is die enigste en hoogste priester, naamlik die Hoëpriester na die Orde van Melgisédek, en dit is voldoende.

Die Nuwe Testament praat van apostels, profete, herders, leraars, evangeliste, diakens en diakonesse, allerhande helpers … maar geen priester-amp buiten dat alle Christene in elk geval deel vorm van 'n heilige priesterdom, en natuurlike Christus as Hoëpriester. Ons bely by Christus, en nie by 'n aardse priester nie, daarom sal die leser nooit (of selde) soiets soos 'n private Biegstoel ('Confessional') in 'n Protestantse Kerk aantref nie.

"En laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus."

[1Petrus 2:5AOV].

Met die opstanding van Jesus uit die dood was die rol van die tradisionele Joodse Hoëpriester opgevolg deur Hoëpriester volgens die Orde van Melgisédek, (Jesus Christus), die onberispelike Lam geslag vir die sondes van die wêreld. In die Joodse tradisie het die offer van diere vir die versoening van die sondes van die volk in 70 N.C. met die vernietiging van die Tweede Tempel gestop. Blykbaar was daar 'n kort oplewing van offers gedurende 132-135 N.C. maar daarna het dit permanent gestop, aangesien Jesus Christus met Sy dood en die opneem van die rol van Hoëpriester daardie rol vir Jode vir alle praktiese doeleindes verouderd verklaar het.

Vra uself die vraag: Waar is die Joodse hoëpriester wat vandag in die Tempel offers moet bring? Dit bestaan nie meer nie, aangesien (i) daar geskiedkundig ná 70 N.C. nie meer 'n Tempel was vir Jode om hul offers na te bring nie, en (ii) Jesus Christus (as die ware Hoëpriester) die rol van die aardse hoëpriester onnodig en ontoereikend gemaak het. .

"Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen."
[Hebreërs 2:17AOV].

"Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus."
[Hebreërs 3:1AOV].

"Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde."
[Hebreërs 4:14-15AOV].

"So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer. Soos Hy ook op 'n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek."
[Hebreërs 5:5-6AOV].

"… waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek 'n hoëpriester geword het vir ewig."
[Hebreërs 6:20AOV].

"Want Hy getuig: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek."
[Hebreërs 7:17AOV].

"Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dít: Ons het so 'n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele."

[Hebreës 8:1AOV].

Die idee van Jesus Christus as die Hoëpriester van ons (insluitend Rooms Katolieke) geloof is die sentrale tema in die Sendbriewe aan die Hebreërs, wat Sy rol as Middelaar/Mediator tussen God en mens sterk met die Ou Testament se Levietiese Priesterdom kontrasteer.

3.8 **'Dienskmeg van die Diensknegte van God' (Servus Servorum Dei)'.** 'n Nederige titel vir die eerste keer in die 6de eeu deur Pous Gregory die Grote gebruik, wat die Pous as 'n dienskneg-leier beklemtoon.

BESWAAR. Geen beswaar. Die aanspreekvorm is heeltemal in lyn met die lering van Jesus tot die effek dat Christene diensknegte is in die Koninkryk van God.

3.9 **'Opperherder'.**

BESWAAR. Jesus Christus, en nie die Pous, is die Opperherder.

"En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang."

[1 Petrus 5:4AOV].

"Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het."

[Hebreërs 13:20AOV].

Hierdie teksverse beeld Christus (en nie die Pous) as die Opperherder van Sy skape (die Kerk) uit … opofferend, verenigend, gesaghebbend, en ewig, en sodoende om die mensdom as die Opperherder te beskerm en te lei. Daar is nie 'n manier waarop Evangeliese Christene 'n gewone, feilbare, sondige mens as die 'Opperherder' van die Kerk en skape sal aanvaar nie.

3.10 **'Die Sleutels tot die Koninkryk.** Die Rooms Katolieke Kerk het nie soos 'n tipiese industriële 'konsessiestoor', of 'n geheime Vrymesselaarslosie, die monopolié op die 'Sleutels van die Koninkryk' van God ontvang nie. Daardie sleutels is aan elke Christen gelowige (almal lede van Christus se 'heilige priesterdom') gegee vir gebruik in die Evangeliewerk en diens van die Meester.

Die (Mattheüs 28:19) 'Groot Evangelisasie Opdrag' van Christus aan die Kerk was aan alle Christene, d.i., van die nederigste en eenvoudigste

sendeling in 'n Chinese tronk, tot die president van die weelderigste, modernste Kweekskool of Christen Kollege. Jesus het belowe:

> *"En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees."*
>
> [Mattheüs 16:19AOV].

Hierdie 'Sleutels van die Koninkryk' is vir die eerste keer op Pinksterdag (in die Boek van Handelinge) gebruik toe die Apostel Petrus voor die skare van ongeveer 3000, almal medepligtihg aan die dood van Jesus, gestaan het en hulle toegespreek het aangaande hulle moord op die Outeur of Prins van Lewe:

> *"Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep."*
>
> [Handelinge 2:37-39AOV].

Die resultaat van hierdie besondere gebeurtenis was soos volg:

> *"En met baie ander woorde het hy hulle besweer en vermaan en gesê: Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag. Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring."*
>
> [Handelinge 2:40-41AOV].

3.11 **'Vaevuur'.** Evangeliese Christene verwerp die Katolieke leerstelling van die Vaevuur ('Purgatory') aangesien die gedagte nie deur die Bybel ondersteun word nie. Waar die leer sy oorsprong gehad het is nie mooi duidelik nie; selfs sekere Joodse vertakkinge van die Judaïsme glo egter ook in die sogenaamde, "Sewe stadiums van Hel" voordat die uiteindelike eindbestemming van die Jood (Die Paradys) betree mag word.

Die teksverse hieronder bewys duidelik die volmaaktheid en finaliteit van Jesus Christus se Versoeningsdood, en die afwesigheid van 'n sogenaamde 'Intermediêre stadium van reiniging'.

3.11.1 **Direkte Oorgang na Oordeel ná Dood.** Hierdie teksvers suggereer duidelik die direkte oorgang vanaf die dood na oordeel, met geen verwysing na enige vorm van 'n 'Vaevuur'.

> *"En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel …"*
>
> [Hebreërs 9:27KJV].

3.11.2 **Gelowiges ten volle Geregverdig in Christus.** Gelowiges word ten volle in Christus geregverdig met geen addissionele behoefte aan enige reinigingsritueel soos bv. die Roomse 'Vaevuur', of die Joodse 'Sewe Fases van Hel', aangesien geregverdidigde Christene teen daardie tyd van alle sonde vergewe is.

"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."

[Romeine 8:1AOV].

3.11.3 **Geloof in Christus lei tot die Ewige Lewe.** Geloof in Christus lei tot die Ewige Lewe wat geen nadoodse reinigingsritueel insluit nie.

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe."

[Johannes 5:24AOV].

"Maar ons het goeie moed en verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon."

[2Korinthiërs 5:8AOV].

3.11.4 **Die Bloed van Christus is Voldoende.** Die Bloed van Jesus Christus reinig van alle sonde sonder die behoefte aan 'n 'Vaevuur' na dood. Streng gesproke is die idee van 'n Vaevuur 'n belediging vir die krag in die Bloed van Jesus Christus.

"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."

[1 Johannes 1:7AOV].

3.11.5. **Saligheid deur Geloof en Genade.** Die Saligheid word geskenk deur die Genade en Geloof in Christus, en nie deur goeie werke of 'n proses soos die 'Vaevuur', wat baie soos 'n 'goeie-werke' tipe Saligheidsplan ('Soteriologié') voorkom.

"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie."

[Efesiërs 2:8-9AOV].

3.11.6 **Christus se Versoeningsdsdood kanselleer alle Sondeskuld.** Christus se Versoeningsdood kanselleer alle sondeskuld, en laat geen residuele versoening-sondes agter wat deur die 'Vaevuur' gereinig moet word nie.

"En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael."
[Kolossense 2:13-14AOV].

3.11.7 **Geen 'Vaevuur' Ompad na Saligheid.** Jesus het aan die kwaaddoener aan die kruis 'n onmiddellike weg na Saligheid belowe sonder die proses van 'Vaevuur'.

"En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees … Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste."
[Lukas 23:43AOV].
[Filippense 1:23AOV].

3.11.8 **Christus se Eenmalige Offer was Voldoende.** Jesus Christus se eenmalige offer skakel enige addissionele reininingsritueel sos die 'Vaevuur' of -proses uit.

"Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word."
[Hebreërs 10:14AOV].

L.W. Katolieke sal dikwels teksverse uit 2 Makkabees 12:43-46 (vir gebede vir die dode) of 1Korinthiërs3:13-15 (werke getoets deur vuur heen) om die 'Vaevuur' te bewys. Die Boek van Makkabees word egter nie deur Evangeliese Christene as Kanoniek aanvaar nie, en 1Korinthiërs 3:13-15 verwys na die toetsing van werke, en nie na 'n 'Vaevuur' toestand van die gelowige.

3.12 **'Ses Heilige Dae van Verpligting'.** Die Rooms Katolieke leerstelling, nl., *Ses Heilige Dae van Verpligting* (addissioneel tot Sondae) vereis dat Katolieke lidmate Katolieke Mis bywoon en hul van ander onnodige werk onthou op sulke spesifieke feesdae, soos uiteengesit in die Kanon-1246 van die 1983-Kode van Kanonieke Wet.

Dit mag insluit: *Heiligheid van Maria, Moeder van God* (1 Januarie), *Hemelvaart* (Donderdag van die sesde week van Paasfees of oorgeplaas na 'n Sondag), *Hemelvaart van die Geseënde Maagd Maria* (15 Augustus), *Allerheiliges* (1 November), *Onbevlekte Ontvangenis* (8 Desember), en *Kersfees* (25 Desember).

Evangeliese Christene wie gewoonlik die konsep van verpligte feesdae verwerp, daag hierdie leerstelling op grond van Bybelse, Teológiese en praktiese gronde, soos hieronder bespreek:

3.12.1 **Die Ontbreking van 'n Eksplisiete Bybelse Mandaat.** Die Nuwe Testament beveel nie die hou van spesifieke heilige dae aan behalwe vir die feit dat eerste eeuse Christene op die eerste dag van die week versamel het. Die afdwinging van verpligte ekstra feesdae ontbreek aan 'n Skriftuurlike fondament. Die Apostel Paulus leer dat Ou Testamentiese feeste en sabbatte slegs skadus van die toekomstge verteenwoordig het wat sedertdien in Christus vervul is.

> *"Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.."*
>
> [Kolossense 2:16-17AOV].

3.12.2 **Volmaaktheid van Christus se werk m.b.t. die nakoming van verpligte Ritueel.** Die verpligte bywoning van die Katolieke Mis op sekere dae suggereer dat Saligheid aan rituele observasie gekoppel word, wat die afgehandelde, voldoende werk van Christus aan die kruis ondermyn. Saligheid, deur die Genade van bo, is moontlik deur die Geloof in Jesus Christus, en nie deur die verpligte bywoning van gereguleerde feesdae nie.

•

> *"En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie"*
>
> [Romeine 11:6AOV].

3.12.3. **Vryheid van Wettiese Verpligtinge danksy Christus**. Die Nuwe Testament beklemtoon Christelike vryheid, m.a.w., die vrymaking van gelowiges van die dwingelandy van wettiese vereistes soos verpligte feesdae. Die Apostel Paulus waarsku teen die terugkeer na wettiese ritualisme soos die (mensgemaakte) Katolieke, 'Ses Dae van Verpligting'.

> *"Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie."*
>
> [Galasiërs 5:1AOV].

3.12.4 **Die Sabbat as die Primêre Dag van Aanbidding.** Die Bybel (Nuwe Testament) vestig die Dag van die Here (die eerste dag van die week) as die primêre dag van gesamentlike aanbidding, met geen addissionele verpligte dae van aanbidding nie. Die fokus op Sondag

as aanbiddingsdag vervul die Sabbat-beginsel, en addissionele dae van verpligting is dus nie nodig nie.

Let wel dat Evangeliese Christene nie die Sondag as 'n plaasvervanger van die Sabbat as *'n afgesonderde dag van rus* uitgee nie, maar as *'n afgesonderde dag van feesfiering.* Christene wat egter steeds op Saterdae wil rus of dit as Sabbat wil eer is welkom om dit te doen; om daardie voorreg uit mense se privaatlewe te probeer verbied sou ook neerkom op die afdwinging van wettiese ritualisme … in trurat. In die Evangeliese Christendom word dit egter nie as verpligtend beskou vir Christene en Messiaanse Jode nie.

> *"Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.."*
>
> [Kolossense 2:16-17AOV].

> *"Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne."*
>
> [Hebrëers 4:9-10AOV].

3.12.5 **Kerktradisie, nie Apostoliese Lering.** 'Die Heilige Dae van Verpligting' het uit Kerktradisie ontwikkel, en nie uit Apostoliese Lering nie. Die voorvalle van viering en observasie het ook oor tyd heen gewissel, bv., verminder na 36 deur Pous Urban VIII in 1642, daarna na 10 in 1911. Evangeliese Christene beskou sulke uitgeroepte feesdae as nie-verpligtend.

> *"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."*
>
> [2Timotheüs 3:16-17AOV].

3.12.6 **Onbestendigheid in Toepassing.** Die Katolieke Kerk laat byvoorbeeld toe dat biskoppe konferensies die verpligte Heilige Dae van land tot land oorheers en onderdruk, wat in elk geval die veronderstelde universele verpligting daarvan ondermyn. Indien sulke Heilige Dae verpligtend was, dan bewys die onbestendige afdwinging daarvan dat dit nie deur God van Bo gegee is nie.

> *"Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword … Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word. Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie; en die barmhartigheid roem teen die oordeel."*

[Jakobus 2:10, 12,13AOV].

3.12.7 **Die Risiko van 'n Werke-Gebaseerde Geregtigheid.** Deur die 'Heilige Dae' (sogenaamd) as verpligtend te beveel en die nalaat daarvan as 'n "ernstige sonde" te verklaar, suggereer 'n werke-gebaseerde benadering tot die geestelike lewe, en Evangeliese Christene se vertrekpunt is dat die verpligte bywoning van die Heilige Mis (op spesifieke dae) beteken dat Saligheid deur lidmate verdien moet word, en nie deur onverdiende Genade.

> *"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie."*
>
> [Efesiërs 2:8-9AOV].

3.12.8 **Fokus op Innerlike Hart-Aanbidding, nie op Uiterlike Observasie-Vertoon.** Ware aanbidding is 'n saak bvan die hart, en nie 'n saak van die verpligte bywoning van liturgiese gebeure nie, wat sou neerkom op die (valse) uiterlike vertoon van vroomheid. Jesus het ware aanbidding aangemoedig, in plaas van voorgeskrewe rituele soos die verpligte bywoning van 'Heilige Dae'.

> *"En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het."*
>
> [1Johannes 3-24AOV].

3.12.9 **'n Praktiese Las op Gelowiges.** Die verpligte bywoning van die sogenaamde 'Heilige Dae', veral op weeksdae (werksdae), plaas 'n onnodige las op gelowiges met werkverpligtinge, en dit met geen Bybelse regverdiging daarvoor nie. Jesus het 'n "ligte las en 'n ligte juk" aangebied, en nie 'n ondraaglike swaar las van verpligte, onBybelse, uiterlike vertoon nie.

> *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig."*
>
> [Mattheüs11:28-30AOV].

4. **LEERSTELLING EN DIE BYBELSE VOORBEHOUD.** Christene behoort in gedagte te hou dat Jesus Christus aan ons die reg voorbehou het om soms met mekaar oor leerstelling te verskil, op voorwaarde dat ons nie die Evangelie afwater na, *"'n ander Jesus, 'n ander Evangelie en 'n ander gees",* nie.

Daar is verder ook net een manier waarop die regverdigheid van die Christen ooit die regverdigheid van die Fariseërs (sien Mattheüs 5:20) sal oortref, en dit

is deur die regverdigheid van Jesus Christus self, en nie op grond van persoonlke meriete, eie verdienste of leerstellige volmaaktheid nie.

> *"Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval."*
>
> [2Korinthiërs 11:4AOV].

Die Voorbehoud

> *"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.*
>
> *Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.*
>
> *Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.*
>
> *Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."*
>
> [Mattheüs 5:17-20AOV].

Erkenning

1 Bybel (AOV).
2. Grok Insights.
3. Stassen Argiewe.

Hoofstuk 4

'N TERUGSTEL VAN DIE CALVINISME

Hierdie leerstelling van die 'Uitverkiesing' maak ons prediking tevergeefs. Dit is geneig om daardie heiligmaking, wat immers die doel met God se verordeninge is, te vernietig. Dit maak alle Christelike openbaring uit die Bybel onnodig.
(John Wesley,
1703-1791)

Dit is die beskeie mening van hierdie outeur dat die Evangeliese Christendom, en Evangelisme in die algemeen, onmoontlik sou wees binne die verkrampte ideológiese grense en beperkinge van die komplekse, swaar geïntellektualiseerde, verwarrende, filosoférende, klassieke Calvinisme.



Hou in gedagte dat ons, vir die doel van hierdie boodskap, 'n onderskeid moet tref tussen twee hoof-perspektiewe (te midde van 'n potpourri ander) op Calvinisme, d.i., (i) *Klassieke, Monokulêre; (5-Punt) Calvinisme* en (ii) *die Stereoskopiese Calvinisme* van bv. Charles Spurgeon. Ons verwys ook kortliks na die (iii) *Arminianisme.*

1. JOHANNES CALVYN (1509-1564) EN DIE KLASSIEKE CALVINISME. Die Klassieke Calvinisme, oftewel 'Calvinisme', is 'n teológiese stelsel gewortel in die leringe van Johannes Calvyn, 'n 16de eeuse Protestantse hervormer. Dit beklemtoon die soewereiniteit van God in alle aspekte van die Lewe, veral met betrekking tot die Saligheid. Calvinisme sentreer om die volgende stellings, soos ontwikkel rondom die (Engelse) akroniem, 'TULIP':

1.1 **Totale Verdorwenheid ('Total Depravity').** Die mensdom is inherent sondig en nie in staat om verlossing of goedheid te bereik sonder goddelike ingryping nie. Sonde beïnvloed elke deel van 'n persoon, d.w.s.,

verstand, wil en liggaam, wat hulle geestelik dood laat en totaal afhanklik van en aangewese op God se genade.

1.2 **Onvoorwaardelike Uitverkiesing ('Unconditional Election').** God het, vóór die grondlegging van die wêreld, sekere individue (die 'Uitverkorenes') vir Verlossing (Saligheid) gekies, nie op grond van hul verdienste of verwagte geloof nie, maar uitsluitlik volgens Sy Soewereine Wil en Doel.

1.3 **Beperkte Versoening ('Limited Atonement').** Christus se dood aan die kruis was spesifiek bedoel om te versoen vir die sondes van die Uitverkorenes, nie vir die hele mensdom nie. Sy offer is voldoende vir almal, maar slegs doeltreffend vir diegene wat voorbestem ("Uitverkies") is om gered te word.

1.4 **Onweerstaanbare Genade ('Irresistable Grace').** Wanneer God Sy genade aan die Uitverkorenes uitbrei, kan hulle dit nie weerstaan nie. Die Heilige Gees roep hulle doeltreffend tot geloof, herstel hulle harte sodat hulle gewillig na Christus draai.

1.5 **Volharding van die Heiliges ('Perseverance of the Saints').** Diegene wat God uitverkies en gered het, sal in geloof volhard tot die einde. Hulle kan nie hul verlossing verloor nie, aangesien God se krag hulle bewaar.

Die Klassieke Calvinisme beklemtoon ook die absolute gesag van die Bybel, die sentraliteit van God se heerlikheid, en die mens se geskiedenis as iets wat ontvou ooreenkomstig God se Ewige Bepaling. Dit gee grootliks gestalte aan die Gereformeerde teologié, en het Protestantse tradisies soos die Presbyterianisme en Puriteine beïnvloed. Die Klassieke Calvinisme, alhoewel kontroversieel en debateerbaar, bly die hoeksteen van die Calvinisme m.b.t. Vrye Wil, die Uitverkiesing, Goddelike Soewereiniteit en Genade.

2. **CHARLES SPURGEON (1834-1892) & CALVINISME.** Die vraag waarom Charles Spurgeon as 'n Calvinis bestempel word terwyl sy prediking en onderrig dikwels aanklank vind by Evangeliese Christelike temas, is 'n fassinerende een, gewortel in beide historiese teologié en Spurgeon se eie unieke benadering.

Charles Spurgeon (1834–1892), die beroemde 'Prins van Predikers', was 'n 19de-eeuse Baptiste-predikant in Londen wie se preke groot skares getrek het en wie se geskrifte steeds Christene vandag beïnvloed. Hy word wyd as 'n Calvinis geïdentifiseer omdat hy berig word dat hy die vyf punte van Calvinisme, dikwels opgesom deur die akroniem (in Engels) 'TULIP' *(Totale Verdorwenheid, Onvoorwaardelike Uitverkiesing, Beperkte Versoening, Onweerstaanbare Genade en Volharding van die Heiliges),* uitdruklik bevestig het.

Hierdie leerstellings, voortspruitend uit Johannes Calvyn se teologié,

beklemtoon God se soewereiniteit in verlossing bo menslike vrye wil. Spurgeon het nie weggeskram van hierdie etiket nie; inteendeel het hy Calvinisme kragtig verdedig in werke soos *A Defense of Calvinism*, waar hy geargumenteer het dat hierdie leerstellings eenvoudig die Bybelse Evangelie is, nie bloot 'n mensgemaakte stelsel nie.

2.1 **Die Evangelies-Gesinde Spurgeon.** Waarom sê ons dat was Spurgeon "Evangélies" gesind was? Die verwarring, of ooreenkoms, ontstaan omdat Spurgeon se bediening Calvinistiese teologié (snaaks genoeg) gemeng het met 'n passievolle, praktiese en evangelistiese styl wat ooreenstem met wat ons nou 'Evangelikalisme' noem. Evangelikale (Evangeliese Christene) gelowiges beklemtoon persoonlike bekéring (berou oor ongeloof en die aanvaarding van die Evangélie), die gesag van die Skrif, en die oproep om die Evangélie te versprei, eienskappe wat Spurgeon ten volle beliggaam het. Hy het vir duisende gepreek, sondaars aangespoor om berou te hê en op Christus te vertrou, wat dalk strydig lyk met 'n streng Calvinistiese siening waar God se 'Uitverkiesing' bepaal wie gered sal word.

Tog het Spurgeon geen teenstelling gesien nie. Hy het geglo dat *God se soewereiniteit en menslike verantwoordelikheid* saam teológies perambuleer: God 'Verkies', maar mense moet steeds op die Evangélie-oproep 'reageer'. Dit is waarom sy preke dikwels soos 'n Evangéliese oproep-tot-aksie klink; hy het nie net vir die "Uitverkorenes" gepreek nie, maar vir almal, met vertroue dat God deur die boodskap sou werk. Spurgeon was duidelik nie 'n klassieke, vyf-punt Calvinis soos sommige Calviniste wil beweer nie.

2.2 **Spurgeon Verduidelik.** Spurgeon het eenkeer gesê: *"Ek het my eie private mening dat daar geen so iets is as om Christus en Hom gekruisig te preek nie, tensy ons preek wat deesdae Calvinisme genoem word. Dit is 'n bynaam om dit Calvinisme te noem; Calvinisme is die Evangélie, en niks anders nie."*

Tog het hy op die preekstoel met sondaars gepleit asof hul keuse saak maak, met uitsprake soos: *"Draai na Christus! Glo in Hom, want Hy is bereid om jou te ontvang!"*

Hierdie dualiteit verwar sommige omdat moderne karikature Calviniste afbeeld as koud, deterministies en ongeïnteresseerd in evangelisasie, terwyl Evangelikale gesien word as warm, gefokus op vrye wil en gedrewe deur uitreik. Spurgeon trotseer hierdie twee tipiese {'Viewmaster') tipe 'stereoskópiese' boksies suksesvol en nie as onderling uitsluitend nie … by God is alle dinge moontlik.

G.K. Chesterton het in hierdie verband 'n interessante, verfrissende algemene opmerking, alhoewel nie spesifiek oor Spurgeon nie, gemaak oor die enigmatiese tipe siening wat deur 'n "rebel" soos Spurgeon gehou word:

> *"Mistiek hou mense gesond. Solank jy raaisel het, het jy gesondheid; wanneer jy raaisel vernietig, skep jy siekte. Die gewone mens was*

nog altyd gesond omdat die gewone mens nog altyd 'n mistikus was. Hy het die skemer toegelaat. Hy het altyd een voet op die aarde gehad en die ander in sprokiesland. Hy het homself altyd vry gelaat om aan sy gode te twyfel; maar (anders as die agnostikus van vandag) ook vry om in hulle te glo. Hy het altyd meer omgegee vir waarheid as vir konsekwentheid. As hy twee waarhede gesien het wat mekaar skynbaar weerspreek, sou hy sy twee waarhede neem en die teenstelling saamneem. Sy geestelike sig is stereoskopies, soos sy fisiese sig: hy sien twee verskillende prente gelyktydig en tog sien hy des te beter daarom, dus het hy altyd geglo dat daar so iets is as lot, maar ook so iets as vrye wil."

[Chesterton: Orthodoxy, pp.46-47].

2.3 **Spurgeon en die Geskiedenis.** Históries gesproke blyk Spurgeon se konteks ook belangrik te wees, ondanks teenstand uit sommige oorde. In sy tyd was Calvinisme nie 'n randposisie nie, maar 'n hoofstroom beweging binne Protestantisme, veral onder Baptiste soos hy. Baie 19de-eeuse Evangelikale was Calvinisties, dus was die twee nie so onderskeibaar as wat dit vandag soms lyk nie.

Spurgeon se kerk, die Metropolitan Tabernacle, was 'n sentrum van beide leerstellige prediking en herlewingspassie, wat hierdie tradisies verenig het. Miskien sou hy vandag klassieke, eenoog-Calvinisme heeltemal laat vaar het … wie weet.

Sommige geleerdes en lesers wys op 'spesifieke spanning'. Kritici mag aanvoer dat Spurgeon se Calvinisme in die praktyk versag het, dit wil sê, sy "Beperkte Versoening" (Christus het slegs vir die uitverkorenes gesterf) lyk minder streng wanneer hy almal uitnooi om na Christus te kom. Andere sê hy was bloot inkonsekwent. Maar Spurgeon self sou waarskynlik sê hy hou Bybelse waarhede in spanning:

"God se geheime besluit (Uitverkiesing) en God se geopenbaarde wil (preek vir almal) is nie vir ons om logies te versoen nie, maar om getrou te gehoorsaam."

2.4 **Die Stereoskópiese Calvinisme van Charles Spurgeon.** Kortom, mense noem Spurgeon 'n 'Calvinis' omdat hy dit was; leerstellig. Hy klink 'Evangelies' omdat hy dit ook was, prakties. Hy het geen skeiding gesien tussen geloof in God se soewereine genade en smekinge met siele om gered te word nie. Daarom word hy deur beide kampe geëis, en daarom kan die etikette glibberig voel wanneer jy hom lees. Sy nalatenskap toon hoe teologié en passie kan verweef, nie mekaar uitsluit nie. Miskien is dit die klassieke Calviniste se grootse fout nl. dat hulle, d.w.s., juis diegene wat so knaend aandring op God se Soewereiniteit, ook irónies genoeg, diegene is wat die Soewereine Almag van God hopeloos onderskat.

Ek glo dat, net soos daar 'n ideológiese spanning tussen Rooms-Katolisisme en Protestantisme ontwikkel het wat tot die Reformasie gelei

het, daar ook 'n ideológiese spanning ontwikkel het tussen klassieke, eenoog-Calvinisme en Charles Spurgeon se "stereoskópiese" Calvinisme-Evangelikalisme, wat, miskien ongemerk, gelei het tot vandag se suiwer Evangelikalisme. Byvoorbeeld, indien dit wáár is dat dit God se prerogatief is om te kies, en nie die prerogatief van die mens nie, waarom dan verduidelik Calviniste hul Calvinisme tydens debatte asof ons almal 'n 'keuse' het daaroor?

Ek is oortuig dat mense soos D.L. Moody, R.A. Torrey, Charles Finney, John Wesley en Charles Spurgeon hierdie beweging aangevoor het, en, net soos Wesley, sou Charles Spurgeon waarskynlik vandag nie langer 'n Calvinis gewees het nie.

4 **JACOBUS ARMINIUS (1560-1609) EN DIE KLASSIEKE ARMINIANISME.** Die "Arminianers" (nie te verwar met "Armeniërs" nie) was volgelinge van Jacobus Arminius, 'n Nederlandse teolóóg wat sekere aspekte van die Calvinistiese leer in die laat 16de en vroeë 17de eeue uitgedaag het. Hulle word hoofsaaklik geassosieer met die Nederlandse Gereformeerde Kerk en hul teológiese standpunte, wat beduidende debat ontketen het, veral tydens die Sinode van Dort (1618–1619). Sleuteloorwigings van die Arminianers, dikwels opgesom in die *Vyf Artikels van die Remonstransie (1610)*, sluit in:

3.1 **Voorwaardelike Uitverkiesing.** God se uitverkiesing van individue vir verlossing is gebaseer op Sy goddelike voorkennis van wie vrylik geloof in Christus sal kies, eerder as onvoorwaardelike voorbestemming, wat afhang van hoe individue byvoorbeeld sal reageer op die Evangelie-boodskap en op die aansporings van die getroue Heilige Gees, wat geroep is om mense te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel.

> *"… want geen profesié is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."*
>
> [2Petrus 1:21AOV].

> *"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is."*
>
> [Johannes 16:7-11AOV].

L.W. Die standpunt van sommige Calviniste dat God "nooit ingryp" in die menslike lot en sake nie, blyk taamlik hol in die lig van die feit dat dit juis die bediening van die Heilige Gees is om gelowiges in alle waarheid te lei; Calviniste weerspreek dus hulself wanneer hulle (enersyds) die absolute

Soewereiniteit van God voorhou en (andersyds) ontken dat God in die mens se lot mag ingryp.

3.2 **Universele Versoening.** Christus se versoening is voldoende vir alle mense, en nie beperk tot 'n vooraf bepaalde groep 'Uitverkorenes" nie. Die Bybel leer duidelik dat, by Golgota, alle mense in beginsel as kandidate vir verlossing beskou is, dat *niemand na Christus kan kom tensy die Hemelse Vader sulkes spesifiek na Christus toe trek nie*, dat God wil hê dat *alle mense gered moet word*, en dat, wanneer Christus uit die aarde opgelig word, *Hy alle mense na Hom toe sal trek:*

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.
Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie."

[Johannes 3:16-18AOV]

"Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag."

[Johannes 6:44AOV].

"Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.
Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd.".."

[1Timotheüs 2:3-6AOV].

"En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."

[Handelinge 2:21AOV].

.

"God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer."

[Handelinge17:30AOV].

"En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek."

[Johannes12:32AOV].

3.3 **Vrye Wil.** Mense het vrye wil om God se genade te aanvaar of te verwerp, aangesien Goddelike genade weerstaanbaar is. Niemand sal met geweld tot verlossing gedwing word nie, en eweneens sal niemand wat uit eie vrye wil na Christus kom, booswillig van verlossing weerhou word nie.

Doen die som: Die Heilige Gees sal nie al die moeite doen om mense te "oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel" (verw. Johannes 16:7-13AOV) net om hulle kwaadwillig te verwerp wanneer hulle positief op

sulke toenaderings sou probeer reageer nie; soos vroeër aangedui, wil God hê dat alle mense gered word en niemand verlore gaan nie. Nog minder sou die Heilige Gees daardie moeite wou doen indien God mense in elk geval met die geweld van 'n Goddelike Dekreet in die Hemel sou wou inforseer.

As (verantwoordelike) vrye morele agente word daar egter van ons verwag om verantwoordelikheid en aanspreeklikheid te neem vir ons morele besluite. Hoe sal enige God van die kaliber van die God van Abraham (d.i., 'YHWH') enigiemand ooit in die Ewigheid met die geweldige verantwoordelikheid van byvoorbeeld die administrasie van tien stede, ses stede of twee stede kan vertrou indien Christene nie vandag bereid is om aanspreeklikheid vir hulle morele besluite hier op aarde te neem nie? Die Evangeliese Christene preek met ander woorde 'n 'interne lokus van kontrole' geestelikheid, waar die Calviniste 'n 'eksterne lokus van kontrole' geesteliheid verkondig.

Dit is byna komies hoe Calviniste byvoorbeeld alle vrome dade van die Christen wil toeskryf aan die Soewereine Voorsienigheid van God (die 'Eksterne Lokus' wat hom kontroleer) en nie aan die inherente, intuïtiewe vroomheid van die Christen, die 'Interne Lokus', nie) maar, wanneer die Christen kwaad doen, of in dronkenskap verval en die Satan daarvoor wil blameer, dan betig die Calvinis hom en herinner hom aan sy persoonlike verantwoordelikheid om homself in toom te hou, en die Satan kom skotvry.

> *"Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag."*
>
> [Deuteronomium 30:19AOV].

> *"Omdat hulle die kennis gehaat en die vrees van die HERE nie verkies het nie, van my raad nie wou weet nie, al my teregwysinge verag het, daarom sal hulle eet van die vrug van hulle wandel en versadig word van hulle planne … Wees nie afgunstig op 'n man van geweld en verkies geeneen van sy weë nie … Dikmelk en heuning sal hy eet as hy weet om te verwerp wat kwaad is en om te kies wat goed is. Want voordat die seuntjie weet om te verwerp wat kwaad is en te kies wat goed is, sal die land vir wie se twee konings jy bang is, verlate wees."*
>
> [Spreuke1:29-31; 3:31; Jesaja 7:15-16AOV].

> *"So het Ek julle dan 'n land gegee waar julle nie aan gearbei en stede wat julle nie gebou het nie, dat julle daarin kan woon; wingerde en olyfbome wat julle nie geplant het nie, daar eet julle van."*
>
> [Josua 24:13AOV].

> *"Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee.*

Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.
As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet.
Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek."
[Jesaja 1:16-20AOV].

"Toe het Hy die stede waarin die meeste van sy kragtige dade plaasgevind het, begin verwyt, omdat hulle hul nie bekeer het nie:
Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het.
Maar Ek sê vir julle, dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle.
En jy, Kapérnaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word; want as in Sodom die kragtige dade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe.
Maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die oordeelsdag as vir jou."
[Mattheüs 11:20-24AOV].

"Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!"
Maar wat sê die Godspraak aan hom? Ek het vir Myself sewe duisend manne laat oorbly wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie.

Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade."

[Romeine 11:1-5AOV].

1.3 Stelling #3. Die oë van Israel is geestelik blind gemaak sodat die heidene ook in God se Plan van Saligheid kon deel.

"En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie.

Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard.

Soos geskrywe is: God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie, tot vandag toe.

En Dawid sê: Laat hulle tafel vir hulle wees 'n vangnet en 'n strik en 'n struikelblok en 'n vergelding.

Laat hulle oë duister word om nie te sien nie, en buig hulle rug vir altyd krom."

[Romeine 11:6-10AOV].

1.4 Stelling #4. Die Heidene (nie-Jode, Christene) verteenwoordig die Olyftakkie wat in die oorspronklike Olyfboom (Israel) ingeënt is.

"Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak.

En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie!

Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek 'n apostel van die heidene is, verheerlik ek my bediening as ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red!

Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode?

En as die eerstelinge heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook.

En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat 'n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou.

Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word."

[Romeine 11:11-19AOV].

1.5 Stelling #5. Die heidene (nie-Jode) behoort nooit hoogmoedig te wees nie, maar behoort eerder te vrees, andersins kan hulle die risiko loop om ook afgesny te word.

"Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees.

Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie.

Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God: gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word."

[Romeine 11:20-22AOV].

1.6 Stelling #6. God is in staat om afgesnyde Jode (natuurlike takkies) terug in die oorspronklike Olyfboom (Israel) in te ent wat baie makliker sou wees as wat dit was om die heidendom (wilde/vreemde takkies) in die oorspronklike Olyfboom in te ent.

"Maar ook hulle sal, as hulle nie in die ongeloof bly nie, ingeënt word; want God is magtig om hulle weer in te ent.

Want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild was, en teen die natuur op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hul eie olyfboom ingeënt word?"

[Romeine 11:23-24AOV].

1.7 Stelling #7. Israel se Saligheid is 'n Mistérie. God het nie vir Israel verwerp nie, want die gawes en roepinge van God is onberoulik.

"Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend; en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.

Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande ter wille van julle; maar wat die uitverkiesing betref, bemindes ter wille van die vaders.

Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik.

Want soos julle ook vroeër aan God ongehoorsaam was, maar nou barmhartigheid ontvang het deur hulle ongehoorsaamheid, so het hulle ook nou ongehoorsaam geword deur die barmhartigheid aan julle, sodat hulle ook barmhartigheid kan ontvang.

Want God het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir almal barmhartig te kan wees."

[Romeine 11:25-32AOV].

1.8 Stelling #8. Die Wysheid en Kennis van God met betrekking tot die Saligheid van beide Israel en die heidene is moeilik naspeurbaar.

"o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!

Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?

Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?

Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."

[Romeine 11:33-36AOV].

1.9 Stelling #9. Geen mens is in staat om die werk wat God doen van begin tot end na te speur nie.

> *"Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind."*
>
> [Prediker 3:11AOV].

1.10 Stelling #10. God verklaar die einde van alles vanaf die begin.

> *"Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen."*
>
> [Jesaja 46:9-10AOV].

Verwysings

1. Bybel (AOV).
2. Grok (Insights).
3. Stassen Argiewe.

Hoofstuk 7

DIE SENDING EN PROFESIEË VAN JESUS CHRISTUS GEREGVERDIG

Die Evangelie van Jesus Christus: Aan almal aangebied maar op niemand afforseer!

Hierdie hoofstuk spreek die volgende temas aan:

- Vier waarborge dat Jesus Christus die Seun van God en Redder van die wêreld is.
- Ooggetuies van die Opstanding
- Die Sending en Profesieë van Jesus Christus geregverdig
- Beloning soos belowe aan Getroue Gelowiges
- Waarom ons Wedergbore moet word.

1. VIER WAARBORGE DAT JESUS CHRISTUS DIE SEUN VAN GOD EN REDDER VAN DIE WÊRELD IS.

1.1 Waarborg #1. Die Bybel leer dat God nie kan lieg nie:

"Paulus, 'n dienskneg van God en 'n apostel van Jesus Christus, volgens die geloof van die uitverkorenes van God en die kennis van die waarheid wat na die godsaligheid is, in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het … sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê."

[Titus 1:1-2; Hebreërs 6:18AOV].

1.2. **Waarborg #2. God die Vader het die Goddelike Status van Jesus op verskeie geleenthede bevestig:**

"En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.
En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het."

[Mattheüs 3:16-17AOV].

"Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!"

[Mattheüs 17:5AOV].

"Vader, verheerlik u Naam! Toe kom daar 'n stem uit die hemel: Ek het dit verheerlik en Ek sal dit weer verheerlik. Die skare dan wat daar gestaan en luister het, het gesê dat dit 'n donderslag was; ander het gesê: 'n Engel het met hom gespreek."

[Johannes 12:28-29AOV].

1.3 **Waarborg #3. God het by Homself gesweer.** Aangesien iemand, wanneer hy sou sweer, hy by'n hoër gesag as hyself sweer, het God, die Hoogste Gesag wat bestaan, by Homself ('n dubbele waarborg) gesweer, d.w.s., om die aanstelling van Jesus Christus as die Skepper van Hemel en Aarde en as Messias te bevestig:

"Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer … Want mense sweer by een wat meer is, en die eed van bevestiging is vir hulle die einde van alle teëspraak. Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg."

[Hebreërs 6:13, 16, 17AOV].

1.4 **Waarborg #4. Toe Jesus bid, het Hy in Sy gesprek met Sy Hemelse Vader bevestig dat Hy oor die mag beskik om die Ewige Lewe aan gelowiges te skenk.**

"Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik— soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee."

[Johannes 17:1-2AOV].

"My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My.
En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.
My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie.
Ek en die Vader is een."

[Johannes 10:27-30AOV].

2. **OOGGETUIES VAN DIE OPSTANDING**. Die Nuwe Testament bied verskeie voorbeelde aan waar ooggetuies die Opstanding van Jesus uit die dood bevestig:

2.1 **1 Korinthiërs15:5-8 (geskrywe deur Paulus ongeveer 53-55 N.C.).** Jesus verskyn aan:

- Céfas (Petrus)
- Die Twaalf (dissipels, met Judas Iskariot waarskynlik uitgesluit)
- Méér as 500 broeders en susters tegelykertyd
- Jakobus
- Al die apostels
- Paulus self op die pad na Damaskus, later in die geskiedenis.

L.W. Hierdie gedeelte alleen bevestig alreeds méér as 500 ooggetuies.

2.2 **Evangelie Verslae.** Jesus verskyn aan:

- Mattheus28: Maria Magdalena, die ander Maria, en later aan elf dissipels in Galilea.
- Markus16: Maria Magdalena, twee dissipels wat wandel, en die Elf.
- Lukas24: Twee dissipels op pad na Emmaus (Cleopas en nog 'n persoon), Simon Petrus, en die Elf plus ander in Jerusalem.
- Johannes20-21: Maria Magadalena, die dissipels (insluitend Thomas later) en 'n groep dissipels by die See van Galilea.

L.W. Gekombineerd kom die aantal ooggetuies dus hier tot ongeveer 20-30 afsonderlike mense. Die ander in Lukas 24 en die apostels se breër groep kan die getal vermeerder.

2.3 **Die Boek van Handelinge.** Die Boek van Handelinge (Handelinge1:15) meld 120 gelowiges wat bymekaar gekom het na die Opstanding, van wie sommige heel moontlik vir Jesus aanskou het, alhoewel nie almal ongetwyfeld as ooggetuies bewys kan word nie.

Konserwatief word die aantal persone wat Jesus Christus na die Opstanding gesien het op 500+ geplaas, d.i., vanaf 1 Korinthiërs tot nuwe, kleiner groepies in die Evangelies, dus altesame ongeveer 520-550 ooggetuies, sou ons 'n minimale oorvleuling met ander groepe aanvaar, en dat die 'Twaalf' rofweg as dieselfde kerngroep behou word. Moontlike addisionele ooggetuies mag kom uit ongeïndentifiseerde volgelinge uit Jerusalem. Hou in gedagte:

- Die verslae varieer in terme van besonderhede en moet geharmoniseer word met vertolking.
- Die "500 broeders en susters" is 'n enkele verwysing met geen ondersteunende bewyse uit ander oorde.
- Sommige geleerdes spekuleer oor hoeveel van hierdie "aanskouings" letterlik (fisies) of visioenêr kon gewees het, bv. soos die van Paulus op die Damaskusweg.

3. SENDING EN PROFESIEË VAN JESUS CHRISTUS GEREGVERDIG.

3.1 **Eskatológiese Oorwegings.** Die meeste studente van die teológiese vertakking van 'Eskatologié' (die studie van die 'Eindtye' voor die Wederkoms van Jesus Christus soos in die Bybel geleer) glo dat ons leef in die era wat Jesus Christus na die aarde kan sien terugkeer, presies soos Hy twee millenniums gelede belowe het.

Om die merkwaardige historiese ontwikkelinge in die wêreld van die afgelope tyd te beklemtoon, haal Lee Strobel in sy boek, *The Case for Christ*, aan wat hy die *'Uitspraak van die Geskiedenis'* noem, d.i., ten opsigte van die profesieë van Jesus van Nasaret (die Christus) aangaande daardie tekens wat as voorlopers van Sy Wederkoms sal manifesteer, met kritiese vrae en bevestigings soos volg:

a. Kan die biografieë van Jesus vertrou word? [JA!]
b. Kan die biografieë van Jesus die toets deurstaan? [JA!]
c. Was Jesus se biografieë betroubaar vir ons bewaar? [JA!]
d. "Is daar geloofwaardige bewyse vir Jesus buite Sy biografieë?" [JA!]
e. Bevestig argeologié Jesus se biografieë? [JA!]
f. Is die Jesus van die geskiedenis dieselfde as die Jesus van die geloof? [JA!]
g. Was Jesus werklik oortuig dat Hy die Seun van God was? [JA!]
h. Was Jesus by sy volle verstand toe Hy beweer het Hy is die Seun van God? [JA!]
i. Het Jesus die eienskappe van God vervul? [JA!]
j. Het Jesus (en Jesus alleen) ooreengestem met die identiteit van die geprofeteerde Messias? [JA!]
k. Was die dood en opstanding van Jesus 'n werklike feit van die geskiedenis? [JA!]
l. Was Jesus se liggaam werklik afwesig uit Sy graf? [JA!]
m. Is Jesus lewend gesien na Sy dood aan die kruis? [JA!]
n. Is daar enige ondersteunende feite wat na die opstanding dui? [JA!]
o. Is die versameling van bewyse (oor die opstanding) werklik deeglik gedoen? [JA!]

3.2 **Was die Persoon van Jesus Christus Vervals?** Op die aanklag (deur skeptici) dat die historiese persoon van Jesus Christus eenvoudig te goed

was om waar te wees en deur 'n merkwaardig begaafde individu vaardig vervals moes gewees het, het een teolóóg so raak geantwoord: *"Slegs 'n Jesus Christus sou 'n Jesus Christus kon vervals het!"*

Hierdie ironié is eintlik op gelyke voet met die ironié van die bewys van die nie-bestaan van God. Met ander woorde, as 'n mens in ag neem wat dit sou verg om die nie-bestaan van God te bewys (naamlik tegnologiese almag, alwetendheid en alomteenwoordigheid), moes ons toegee dat: *"Slegs God beskik oor die morele gravitas, goddelike statuur, krag en invloed om ooit die nie-bestaan van God te bewys!"*

Hoe dit ook al sy, gedurende Sy bloeityd moes Jesus Christus blykbaar taamlik moedeloos gewees het oor die gebrek aan geloof, selfs onder die akademiese, teológiese elite van Sy tyd. Op 'n stadium het Hy vir Nikodemus, 'n Fariseër en 'n leier onder die Jode, gesê:

> *"As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel?"*
>
> [Johannes 3:12AOV].

Vandag, wanneer ons die Evangelie verkondig, probeer ons (na die beste van ons wete) om die wêreld te vertel van aardse dinge rondom die geboorte, lewe, persoon, bediening, leringe, offer, opstanding en goddelike statuur van Jesus Christus. Maar, indien hulle so sukkel om dit te glo, hoe gaan hulle ooit die hemelse dinge oor Jesus Christus in die Boek van Openbaring en verder glo?

Ek is daarvan oortuig dat vandag se akademici, wetenskaplikes, naturaliste en hul inwonende (postmodernistiese) teoloë so rigied is in hul verouderde 'wetenskaplike metode' groewe ('n stelsel van wetenskaplike navorsing wat glo 400 jaar gelede uitgevind is), dat indien 'n engel van superieure status môre op die Withuis-grasperk sou neerdaal *(à la 'The Day the Earth Stood Still')* en aan die president se gevolg die ware wonders van engele-ruimtevaart en van die Kosmos begin verduidelik (onbelemmerd deur die visuele hindernisse van donker materié, donker energié en die mis van jare se Darwiniaanse indoktrinasie) tot anderkant wat ons teleskope sou kon sien en ons wetenskaplike instrumente sou kon opspoor, hulle hom waarskynlik nie sou glo nie.

In plaas daarvan sou hulle hom waarskynlik arresteer (nadat hulle hom van sy unieke 'ruimte-uniform', en die kentekens van sy rang, gestroop het) en hom dan na die Guantanamo Bay-aanhoudingskamp stuur vir ondervraging, foltering en jare lange 'observasie'.

4. BELONINGS AAN GETROUE GELOWIGES BELOWE.

4.1 **Inleiding.** Jesus Christus het aan gelowiges 'n goud-omboorde goud-standaard van BELOFTES nagelaat vir die toekoms, d.i., vir hulle wat sou OORWIN.

4.2 Beloftes van Jesus Christus.

4.2.1Die Boom van die Lewe.

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is."

[Openbaring 2:7AOV].

4.2.2 Die Kroon van die Lewe.

"Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee … Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie."

[Openbaring 2:10b,11AOV].

4.2.3 Die Verborge Manna, die Wit Steen en die Nuwe Naam.

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang."

[Openbaring 2:17AOV].

4.2.4 Mag oor die Nasies en die Môrester.

"Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee."

[Openbaring 2:25-28AOV].

4.2.5 Wit Klere en die Boek van die Lewe.

"Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele."

[Openbaring 3:5AOV].

4.2.6 'n Pilaar in die Tempel van God; God se Naam en die Nuwe Naam van die Nuwe Jerusalem en Jesus Christus.

"Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.

Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam."

[Openbaring 3:11-12AOV].

4.2.7 'n Maaltyd met Christus en die deel van Sy Troon.

"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het."

[Openbaring 3:20-21AOV].

L.W. Hoe ons behoort te leef.

"Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus."

[Titus 2:11-13AOV].

5. **WAAROM ONS WEDERGEBORE MOET WORD.** Kom ons wees eerlik, daar is dinge wat ons nooit sal kan verander nie, byvoorbeeld:

5.1 **DNA.** Dit maak nie saak hoe hard ons probeer, ons sal nooit ons DNA kan verander nie, d.i., daardie misterieuse 'dubbele heliks' wat biológies bepaal wie en wat ons is. Selfs al sou ons die laboratorium-tegnikus omkoop om die houers waarin DNA-monsters bewaar word te ruil, sal ons nooit ons DNA kan verander nie; ons sit vir ewig daarmee vas. Laat die transhumaniste soveel as wat hulle wil met ons gene peuter en ons DNA 'bio-ingenieur' – hulle sal nooit verander wie ons is nie.

5.2 **Vingerafdrukke.** Ons kan nie ons vingerafdrukke verander nie, maak nie saak hoe hard ons probeer nie. Ja, vingerafdrukke mag met verloop van tyd vervaag, maar geen poging tot tegnológiese innovasie of kriminele ingenieurswese sal ooit verander wie ons is nie. Ons vingerafdrukke is uniek, hetsy nuut, oud of reeds vervaag.

5.3 **Ons Ware Identiteit.** Kom ons erken dat al die plastiese chirurgie in die wêreld nie kan verander wie ons is nie, selfs nie met 'n nuwe, "FBI"-gefasiliteerde ID-kaart en 'n veranderde adres nie. Tensy 'n verstommende wonderwerk gebeur, sit ons vas met wie ons is … vir ewig.

5.4 **Lewe met die Verlede.** Om met 'n roemlose verlede te moet saamleef, kan vir baie 'n uitdagende taak wees. Wat doen 'n mens tog met die pynlike mislukkings, die verleentheidwekkende moréle en sosiale

oortredings, of sondes teen ander, teen God en teen die 'Heilige Hemelse Howe van Absolute & Oneindige Geregtigheid'?

Wat doen 'n mens met die misdade en wangedrag van ons roekelose, liefdelose en onbedagsame, onbeskofte jeug wat by so vele mense vandag nog spook? Dit is inderdaad in tye soos hierdie dat die psigoterapeut se vermaning van: "*Dink jy nie die tyd het aangebreek dat jy jouself vergewe nie?*" so leeg en hol klink soos 'n bruin papiersak waarvan die laaste oliebol deur die hond geëet is.

Ek het die Bybel van hoek tot kant deursoek, maar moet nog die skrifgedeelte ontdek wat ons bemagtig om "onsself te vergewe". As ons tog net kon verander wie ons was … ons identiteit kon verander om 'n ander persoon te word met 'n verlede en gewete so rein, onbesoedel, onskuldig en skoon en vlekkeloos soos dié van 'n pasgebore baba!

5.5 Ons moet wedergebore word!

Die klokhelder woorde van Jesus Christus aan Nikodémus kom steeds duidelik na ons vandag:

> *"Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie"*
>
> [Johannes 3:7AOV].

Wat beteken dit alles? Dit beteken dat om te probeer verander aan wie ons is, tevergeefs sou wees, en om tyd te mors met selfhervorming, eerder erger as nutteloos sou wees. Wat ons nodig het, is 'transformasie', nie 'rehabilitasie', nie. Met ander woorde, ons moet wedergebore word. Die wonderwerk van geestelike wedergeboorte soos deur die Bybel geleer, is dat ons wedergebore kan word in daardie onskuldige nuwe persoon wat ons so graag wil wees. Jesus Christus sê: *"Julle moet weer gebore word!"*

6. STAANDE OP DIE BELOFTES VAN GOD.

God, wie nie kan lieg nie, het plegtig belowe:

> *"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol."*
>
> [Jesaja 1:18AOV].

> *"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo."*
>
> [Johannes 1:12AOV].

> *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*
>
> [2Korinthiërs 5:17AOV].

"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."
[Romeine 6:23AOV].

"So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees."
[1Korinthiërs 15:45AOV].

7. DIE DUBBELE WAARBORG VAN DIE KRAG VAN GOD OM DIE GELOWIGE TE RED.

"En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.
My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie."
[Johannes 10:28-29AOV].

8. **DAAR IS 'N HEILFONTEIN GEVUL MET BLOED!** In retrospek: In 1962, na jare van verkwistende kinderlike verwarring en salige jeugdige onkunde, het ek uiteindelik, as 'n 14-jarige jeugdige in 'n klein kerkie in Virginia (O.V.S.), die geleentheid en voorreg gehad om as 'n hopeloos verlore sondaar by die kruis neer te kniel en Jesus Christus as Here en Verlosser van my lewe aan te neem.

Alhoewel my pastoor (Tienie C.), wat in daardie dae so hard gewerk het om die Evangelie en die waarheid van die dinamika van Verlossing aan my te verduidelik, en my medeleerling by 'n plaaslike hoërskool (Johan S.), albei sedertdien heengegaan het en nie meer by ons is nie; en, verder, aangesien hierdie aanvanklike Evangeliese entoesiasme (die tipiese 'ywer sonder kennis' van die jong bekeerling) gevolglik teen 1965 aansienlik afgeneem het as gevolg van die druk van jong volwassenheid en die sekulêre kragte van die samelewing, was dit weer, slegs deur God se genade, dat my geloof kragtig herleef het in 1974, en wel in my nuwe tuisdorp van Vanderbijlpark. Ek het sedertdien nooit daarna teruggekyk nie.

Vandag het ek geen ander keuse as om te rus in die bloed (offer) van Christus en Sy werk aan die kruis van Gólgota om ons vir ewig te verlos van ons laakbare, sondige (en soms selfs kriminele) verlede met sy baie onbeskofte, jeugdige instinkte, neigings en gedrag.

Dit het alles gegaan oor ons vleeslike 'gedrag' … hoe verder ons van God en Sy Heilige Woord (die Bybel) weggedryf het, hoe slegter het ons geword. Ek word egter ook dankbaar herinner aan William Cowper se pragtige woorde hieronder:

ENGELS
There is a Fountain filled with Blood,
Drawn from Emmanuel's [JESUS'] veins.
And sinners plunged beneath that Flood,
Lose all their guilty stains!

AFRIKAANS
Daar is 'n heilfontein van Bloed,
Vloeiend uit Emmanuel's sy.
En sondaars word in daardie Vloed,
Van al hul sonder vry!

(William Cowper, 1731-1800)

9. **GOD KAN U VALLEI WEER GROEN MAAK!** Ek dink die anonieme skrywer hieronder het dit waarskynlik die beste gestel toe hy/sy geskryf het:

"Wanneer ons ophou met die najaag van die verkeerde dinge, gee ons die regte dinge 'n kans om met ons op te vang."

Hoe dit ook al sy, miskien het die leser ook by 'n plek in sy of haar lewe gekom waar hy of sy moedeloos voel, of onherroeplik verlore en met geen kans nie op enige redding. Miskien het sy of haar 'vallei' in die afgelope jare bruin, verskroeid, droog en lelik geword; maar, ons kan ons vallei weer groen maak, ongeag en nieteenstaande ons verlede, en selfs al sou ons vandag in die tronk wees met langtermyn gevangenisstraf, deur eenvoudig na die Christus van Gólgota te kom om ons tot Hom te bekeer deur Christus as ons Heer en Verlosser aan te neem.

Jesus kan nie alleen 'n mens se siel red nie, maar ook 'n mens se lewe. Mettertyd kan Hy ons vallei weer lowergroen laat groei. Hier is die kern: God kan verlore tyd, trane en moeilikheid terugkoop! Die Bybel leer:

"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol."

[Jesaja 1:18AOV].

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word."

[Johannes 3:16-17AOV].

"Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie."

[Johannes 6:37AOV].

"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun,

> *reinig ons van alle sonde.As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."*
>
> [1Johannes 1:7-9AOV].

Verwysings & Aanbevole Leesstof

1. Bybel (AOV)
2. Craig, W.L. (1981) *The Son Rises: The Historical Evidence for The Resurrection of Jesus.*
3. Grok Insights (X)
4. Habermas, Gary R. (1984) *The Historical Jesus.*
5. Habermas, Gary R. (2004) *The Case for The Resurrection of Jesus.*
6. Habermas, Gary R. (2009) *Did the Resurrection Happen?*
7. Licona, Michael R. (2010) *The Resurrection of Jesus: A New Histeriographical Approach.*
8. Stassen Argiewe.
9. Strobel, Lee (1998) *The Case for Christ.* .

Hoofstuk 8

Die Wonder van Geloof en Sekerheid

Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.
(Hebreërs 11:3AOV)

Geloof is 'n enigmatiese verskynsel wat deur min mense verstaan word. In hierdie hoofstuk sal ek poog om aan die leser die dinamika van Geloof te verduidelik, asook wat dit nie is nie.

1. **DRIE SEKERE SAKE.** Drie sekere sake is soos volg, nl. (i) dat die vrees van die HERE die begin van KENNIS is; (ii) dat die vrees van die HERE die begin van WYSHEID is, en (iii) dat sonder GELOOF, dit onmoontlik is om God te behaag. Die Bybel leer:

"Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug."
[Spreuke 1:7AOV].

"Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand."
[Job 28:28AOV]

"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."
[Hebreërs 11:6AOV].

EvangelismRSA
Image: Gemini Insights

2. DIE STRYD TEEN DIE SWART HOND VAN ONSEKERHEID (TWYFEL).

2.1 **Inleiding.** Nou sal sommige opregte en vrome Christene dikwels versoek word om te kla dat hulle sukkel met twyfel, gepaard met die kwellende vraag: *"Hoe kan ek meer geloofsekerheid hê, en minder onsekerheid?"*

Hou in gedagte dat selfs geloofshelde soos Elia en Johannes die Doper tydens hulle beste dae ook met twyfel (onsekerheid) geworstel het: Elia, kort nadat hy Jesébel uitgedaag en die profete van Baal vernietig het; en, Johannes die Doper ná sy gevangenskap deur Herodes Antipas, toe hy moes stuur om te bevestig (en te verseker) dat Jesus werklik die Christus was. Twyfel (onsekerheid) onder gelowiges (die "Huisgesin van Geloof") is normaal, dit wil sê, die spreekwoordelike, "baansyfer vir die gholfbaan".

2.2 **Geloof teenoor Sekerheid.** Soos vroeër genoem, is geloof gepaard met twyfel (onsekerheid) heeltemal normaal. Byvoorbeeld, iemand kan 10% geloof en 90% onsekerheid (twyfel) hê, of 50% geloof en 50% onsekerheid (twyfel), of 80% geloof en 20% onsekerheid (twyfel). Trouens, iemand kan selfs 99% geloof en 1% onsekerheid (twyfel) hê; maar niemand kan 100% geloof met 0% onsekerheid (twyfel) hê nie, om die eenvoudige rede dat 100% geloof nie 'geloof' sou wees nie, maar 'kennis' (100% sekerheid).

Die goeie nuus is dat die reis vanaf 1% Geloof of 99% Geloof na 100% Sekerheid (Kennis) heeltemal moontlik is, mits ons doen wat die Bybel ons aanspoor om te doen, naamlik al daardie dinge (wat die Uitverkiesingsleer se Calvinistici waarskynlik verkeerdelik sou beskryf as "werke" of "menslike inspanning") en wat na bewering kwansuis geen besondere betekenis vir die Christelike wandel sou hê nie, soos byvoorbeeld:

- Om, uit ons eie <u>vrye wil</u>, Jesus Christus aan te neem sodat ons 'n kind van God kan word:

> *"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo."*
>
> [Johannes 1:12AOV].

- Om, uit ons eie <u>vrye wil</u>, ons tot die Christelike Geloof (die Evangelie) te bekeer en ons te laat doop, sodat ons die gawe van die Heilge Gees kan ontvang:

> *"En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."*
>
> [Handelinge 2:38AOV].

- Om, uit ons eie vrye wil, na Christus te gaan vir die vry 'Waters van die Lewe':

> *"En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."*
>
> [Openbaring 22:17AOV].

- Om, uit ons eie vrye wil, skatte te vergader waar mot en roes dit nie kan verniel nie, of diewe dit nie kan steel nie:

> *"Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees."*
>
> [Mattheüs 6:19-21AOV].

- Om, uit ons eie vrye wil, altyd te bid en nie vermoeid te word nie:

> *"En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie."*
>
> [Lukas 18:1AOV].

- Om, uit ons eie vrye wil, die Woord van God te lees en hoor vir méér geloof:

> *"Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."*
>
> [Romeine 10:17AOV].

- Om, uit one eie vrye wil, die volle 'Wapenrusting van God' aan te trek sodat ons die 'Goeie (Evangelie) Stryd' kan stry, die 'Wedloop' kan voltooi en die 'Geloof' kan behou:

> *"Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.*
>
> *Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.*
>
> *Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly."*
>
> [Efesiërs 6:11-13AOV].

"Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou."

[2Timotheüs 4:7AOV].

2.3 **Die Lewe van Job.** Die lewe van Job het bewys dat 100% Sekerheid, verwerf oor die bestek van 'n leeftyd, moontlik is. Na sy verskriklike lyding en God se merkwaardige lesings (preke), moes Job uiteindelik nederig erken dat God enigiets kon doen, en dat geen saak of taak vir Hom onmoontlik of te moeilik sou wees nie. Die Bybel leer:

"Toe het Job die HERE geantwoord en gesê: Ek <u>WEET</u> dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie."

[Job 42:1-2AOV].

"Kyk, ons reken hulle geluksalig wat verdra. <u>Julle het gehoor van die lydsaamheid van Job,</u> en julle het die einddoel van die Here met hom gesien, dat die Here vol medelye en ontferming is."

[Jakobus 5:11AOV].

2.4 **Job se Aardse Beloning.** Vir diegene wat wil beweer dat God nie in die mens se sake inmeng nie, sien hoe God vir Job vir sy geloof beloon het:

"En die HERE het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het; en die HERE het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen.

Ook het al sy broers en al sy susters en al sy bekendes van vroeër na hom gekom en met hom saam brood geëet in sy huis; en hulle het met hom medelyde gehad en hom vertroos oor al die onheil wat die HERE oor hom gebring het. En hulle het hom elkeen 'n geldstuk gegee en elkeen 'n goue ring.

En die HERE het die einde van Job meer geseën as sy begin; en hy het veertien duisend stuks kleinvee en ses duisend kamele en duisend paar beeste en duisend eselinne gehad.

Daarby het hy sewe seuns en drie dogters gehad.

En hy het die eerste genoem Jemíma en die tweede Kesía en die derde Kerenhappug.

En in die hele land is geen vroue gevind so mooi soos die dogters van Job nie; en hulle vader het hulle 'n erfdeel gegee onder hulle broers.

En Job het daarna honderd en veertig jaar lank gelewe; en hy het sy kinders en kindskinders gesien, vier geslagte.

En Job het gesterwe, oud en afgeleef."

[Job 42:10-17AOV].

2.5 **God verhoor Job se gebed.** Selfs Job se wildste droom (gebed) was uiteindelik deur God vervul as beloning vir sy volgehoue geloof:

> *"Ag, mag my woorde tog maar opgeskrywe, mag hulle maar in 'n boek opgeteken word— met 'n ystergriffel en lood—vir altyd in 'n rots ingekap!"*
>
> [Job 19:23-24AOV].

- Was Job se woorde "opgeskrywe" (gepubliseer)? (JA! In die Boek van Job).
- Was Job se woorde in 'n "boek opgeteken"? (JA! In die Bybel).
- Was sy woorde soos "met 'n ystergriffel en lood in in 'n rots ingekap"? (JA! In die Ewige, onuitwisbare Woord van God).

LW. Die woorde van Job was uiteindelik geskrywe en deur die winde van die geskiedenis in die Bybel gegrafeer asof soos in 'n ROTS … die onuitwisbare Woord van God.

3. WAAROM ONS JESUS CHRISTUS MET ONS TOEKOMS KAN VERTROU.

3.1 **Inleiding.** Charles Spurgeon het na bewering gesê:

> *"Selfs al sou ons God se Hand in ons lewens nie altyd spesifiek kon volg nie, sou ons steeds die bedoelings van Sy Hart kon vertrou."*

Ek glo God se ewige belofte, alhoewel hier aan 'n spesifieke groep, geld steeds vir die mensdom ook, naamlik:

> *"Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee."*
>
> [Jeremia 29:11AOV].

3.2 **Redes waarom ons Jesus Christus met ons Toekoms kan Vertrou.** Die redes daarvoor word gevind op die beloftes en professieë van Jesus Christus:

- Die opkoms van valse Christusse ('avatars', 'gurus', 'swamis', 'Christusse', 'god-mense', 'Mahdis' ens.).

- Oorloë en gerugte van oorloë; nasies en koninkryke wat teen mekaar opstaan.

- Hongersnode oor die hele wêreld.

- Pestilensies oor die hele wêreld (pandemies; epidemies; plae).

- Die teistering, vervolging en selfs doodmaak van Christene en die vernietiging van kerke; WWII 'Holocaust' ens.

- Die wêreldwye stortvloed van ongeregtigheid (misdaad, afvalligheid, anargié, ondeug, immoraliteit, onreg, diskriminasie).

- 'Tekens' in die hemel vanaf die son, maan en sterre (natuurlik, sowel as in ruimtenavorsing, -ondersoek en -reise).

- Angs onder nasies in see en golwe wat 'dreun' (moorddadige vloede; tsunamis; tifone, siklone ens.).

- Aardbewings op verskillende plekke.

- Die wêreldwye agteruitgang en verval in moraliteit en etiek, so treffend gedemonstreer deur Linkse (godslasterlike en heiligskennis) gedrewe films uit Hollywood. Mense word letterlik 'vuiler' (gehore ingesluit) presies soos die Bybel voorspel het [Sien Openb. 22:11].

- Die viering van die vrou wat die kosbare salf op Jesus se voete uitgegooi het, word vandag wêreldwyd herdenk waar die Evangelie verkondig word, presies soos Jesus voorspel het. Trouens, hier is ek as die outeur ook nou besig om dit te herdenk! [Sien Matt. 26:6-11].

- Die wêreldwye verkondiging en publikasie van die Evangelie. [Sien Matt. 24:14].

- Die onsterflike woorde van Jesus Christus wat geen mag in die wêreld ooit kon uitdoof of stilmaak nie … waar ons kyk, word die Evangelie verkondig! Jesus het plegtig belowe:

> *"Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie."*
>
> [Mattheüs 24:35AOV].

L.W. Al hierdie verskynsels gebeur vandag presies soos Jesus Christus geprofeteer het [Sien Mattheüs 24:3-51; Markus 13:1-37; Lukas 5-38].

Verwysings

1. Bybel (AOV)
2. Stassen Argiewe.

Hoofstuk 9

DIE DWAASHEID VAN DIE EVANGELIE VAN JESUS CHRISTUS

Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God
(1Korinthiërs 1:18AOV)

Die Bybel leer dat, alhoewel die prediking van die kruis dwaasheid vir ander mag wees, dit vir ons wie gered word, die krag van God is. So, is die Christendom werklik “dwaasheid”?

1. **IS DIE CHRISTENDOM DWAASHEID?** Soms kan mens 'n skeptikus, of 'n ateïs, hoor sê dat die Christendom “dwaasheid” is; is hulle dan reg? Is die Christendom werklik dwaasheid?

Baie mense sal dalk geskok wees om te hoor dat, wanneer ons in suiwer menslike terme praat, sulke mense eintlik korrek kan wees.

Trouens, as 'n Christen erken ek moedig ... vanuit 'n menslike oogpunt beskou, was die hele konsep, idee, godsdiens en sosio-kulturele instelling van die Christendom, inderwaarheid, oorspronklik gegrond op “dwaasheid”. Ek moet egter byvoeg dat dit ‘n baie spesiale soort “dwaasheid” is, 'n soort “dwaasheid” wat na verwys word as, “die dwaasheid van God”.

Wat sê die Bybel alles oor die “dwaasheid” van God? Kan God, ja, die absoluut oneindige (en oneindig absolute) God, ooit werklik “dwaas” wees? Dit is eintlik logies dat, indien God werklik almagtig was, Hy duidelik ook “dwaas” sou kon wees indien Hy dit so sou verkies.

As ‘n Christen bevestig ek weereens dat, vanuit ‘n menslike oogpunt, die hele idee, ontwerp en sosio-kulturele instansie van die Christendom oorspronklik inderwaarheid gefundeer is op die “dwaasheid” van God, d.i., op die

"dwaasheid van prediking!" Let wel dat, behalwe vir lieg, daar niks is wat God nie kan doen nie:

> *"Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red."*
> [1Korinthiërs1:21AOV].

Hier gee die Apostel Paulus eintlik toe dat die verkondiging van die evangelie "dwaasheid" is, en dat dit so bepaal is en op hierdie manier genoem word omdat, soos die geskiedenis getoon het, die wêreld deur sy sekulêre wysheid God nie kon, en ook nie wou, ken nie.

Wat wêreldse, sekulêre wysheid nie kon bewerkstellig en bereik nie, is uiteindelik bewerkstellig en bereik deur *die dwaasheid van prediking*, dit wil sê, *die "dwaasheid" van die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus.* Dus, liewe leser, dit is waarom Christendom soms so dwaas lyk ... op die lang termyn was dit die enigste resep wat bestem was om te "werk". Hier volg 'n klompie belangrike aantekeninge oor die sogenaamde "dwaasheid" van God:

1.1 Stelling #1. Vir hulle wie verlore gaan is die prediking van die Kruis "dwaasheid".

> *"Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God."*
> [1Korinthiërs 1:18AOV].

1.2 Stelling #2. God het die wysheid van die wêreld as dwaas bewys.

> *"Waar bly die wyse? Waar bly die skrifgeleerde? Waar die redetwister van hierdie eeu? Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie?"*
> [1Korinthiërs 1:20AOV].

1.3 Stelling #3. Dit het God behaag om hulle wat glo deur die dwaasheid van die prediking te red.

> *"Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red."*
> [1Korinthiërs 1:21AOV]

1.4 Stelling #4. Die Evangelie cvan Christus is 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke.

> *"Maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke."*
> [1Korinthiërs 1:23AOV].

1.5 **Stelling #5. God se dwaasheid is wyser as die mens; en Sy swakheid sterker as die mens.**

> *"Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense."*
>
> [1Korinthiërs 1:25AOV].

1.6 **Stelling #6. God het die wyses van wêreld beskaam deur wat as Sy dwaasheid en swakheid beskou word.**

> *" ... maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam."*
>
> [1Korinthiërs 1:27AOV].

1.7 **Stelling #7. Omdat die geestelike dinge van God geestelik beoordeel word, kan die natuurlike mens dit nie ken en aanvaar nie, aangesien dit vir hom dwaasheid is.**

> *"Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word."*
>
> [1Korinthiërs 2:14AOV].

1.8 **Stelling #8. By God is die wysheid van hierdie wêreld dwaasheid.**

> *" … want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang.."*
>
> [1Korinthiërs 3:19AOV].

1.9 **Stelling #9. Diegene wat Jesus Christus in ongehoorsaamheid weerstaan is deur misleidende sekulêre wysheid betower en dwaas.**

> *"O, Onverstandige Galásiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig?"*
>
> [Galasiërs 3:1AOV].

2. **DIE WYSHEID VAN GOD.** Vra die mense van 'MENSA' ... die meeste mense in die sogenaamde "hoë I.K."-kategorié sal waarskynlik binne die 130-140+ groep val; sommige mag I.K.'s in die 160's, 180's en selfs 200+ hê. In vergelyking daarmee egter, het God, die Skepper van hemel en aarde, 'n veronderstelde I.K. van ONEINDIG tot die mag van ONEINDIG (ONEINDIG^{ONEINDIG}). Daar is dus geen manier hoe enige mens op aarde ooit daarmee sal kan meeding nie. Selfs die Bybel erken dat die gedagtes van God "oneindig" is.

"Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig."
[Psalm147:5AOV].

Om die mensdom van sonde te red en die mensdom te voorsien van die merkwaardige gawe van Verlossing deur die offer van Jesus Christus by Gólgota, was al die wysheid en hoë (goddelike) I.K. van God nie regtig vir die oefening nodig nie, want in werklikheid het Sy dwaasheid (d.i., die dwaasheid van die prediking van die Evangelie) oor eeue heen bewys as heeltemal voldoende … hoekom? Omdat die dwaasheid van God selfs wyser is as die wysheid van al die wyse mense op aarde tesaam. Die Bybel leer:

"… maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke."
[1Korinthiërs1:23AOV].

Doen die som:

2.1 As die *dwaasheid* van God die verlossing van die mensdom kon beteken, stel jou voor wat die *wysheid* van God, in die ewigheid, aan die ander kant vir die mens sal kan doen!

2.2 As die *dood en opstanding* van Jesus Christus, God se Seun, Saligmaker van die wêreld en Messias van die Jode, die ewige lewe van die gelowige kon beteken, stel jou voor wat Christus se *lewe* in die ewigheid vir die mens sal kan doen!

3. **WAAROM WAS DIE EVANGELIE 'N STRUIKELBLOK?** Waarom was die Evangelie 'n struikelblok vir die Jode en die Grieke? Omdat die Evangelie aan die Jode aanstoot gegee het, dit wil sê, die geleerde kerklikes en skoliere van daardie tyd wat vasgevang was in eeue se (baie waardevolle en goddelik geïnspireerde) Judaïsme, die Tora en die Mosaïese Wet. Die nuwe idee dat Jesus Christus die langverwagte Messias was, was destyds as heeltemal vreemd deur hulle ontvang; hulle kon met ander woorde nog nie die pragtige, mistieke simbiose tussen die Wet van Moses en die Evangelie van Jesus Christus sien of verstaan nie.

Die Evangelie het ook aan die Grieke aanstoot gegee, d.w.s., aan die intellektueles, filosowe en wysgere van daardie tyd, wat toonbeelde van wêreldse, menslike (sekulêre en heidense) wysheid was.

"Grieks-Romeinse kultuur het heldefigure gevier wat roem verwerf het deur krag, wysheid of edele dade. Jesus, 'n nederige timmerman wat as 'n misdadiger tereggestel is, het blykbaar nie aan die argetipe van 'n goddelike of heldefiguur voldoen nie. Die Evangelie se klem op nederigheid, diensbaarheid, en verlossing deur 'n gekruisigde Messias was teenstrydig met Grieks-Romeinse ideale van eer en mag."

[Grok Insights].

Ons behoort egter nie met die Grieke te spot nie, want die hele Nuwe Testament is oorspronklik in die Griekse taal deur Grieke, 'n nasie tradisioneel lief vir die ondersoekende wysbegeerte, aan ons gegee; dit wil dus voorkom asof God, wie selfs deur 'n esel met die mens kan praat, regtig geweet het wat Hy doen, nie wáár nie?

4. **WAAROM HET DIE WÊRELD SE WYSHEID DIE MENSDOM GEFAAL?** Die Bybel is baie duidelik ... die wysheid van God is in 'n totaal ander liga as dié van die mensdom, deur die Bybel beskryf as 'dwaasheid by God".

> *" … want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang."*
>
> [1 Korinthiërs 3:19AOV].

Die dwaasheid van God is nietemin steeds ver (absoluut, oneindig, goddelik) meerderwaardig teenoor enigiets wat die mensdom ooit sou kon bied of ooit sal kan optower, soveel so dat dit (die wysheid van die mensdom) geopenbaar is en steeds blootgestel word as 'dwaasheid'.

Kyk só daarna: As wetenskaplikes kon toegee dat die mensdom tot dusver slegs sowat 10% tot 20% weet van wat in ons oseane aangaan, en slegs sowat 5% van wat in die Kosmos aangaan (met die res van die 95% waarna verwys word as 'donker materié' en 'donker energié'), wie is ons om God te betwyfel, of om Hom oor Sy weë uit te daag en te bevraagteken? Kon Hy, of Sy Skeppingsgeheime, nie verskuil wees van ons waarnemings en sig in die 95% van die Kosmos waarvan ons nog niks weet nie?

5. **DIE HEERSKAPPY VAN GOD SE SEUN BEVESTIG.** Studente van Bybelse profesié vertel ons dat, indien Jesus van Nasaret ooit verwerp sou word as die *de facto* Messias van die geskiedenis, geen ander 'aspirant-messias' ooit in Sy plek aanvaar sou kon word nie, aangesien die 'profétie-históriese venster' vir die Messias om te verskyn, lank reeds verby is. So 'n bedrieër sou die 'profétiese bus' met 'n bietjie meer as 2000 jaar gemis het.

Om enige onsekerheid oor die meriete van my 'teologié' te verdryf, word die leser aangemoedig om die onderstaande Skrifgedeeltes te lees waar die oppergesag van Jesus Christus deur die skrywer van die Hebreërs-brief duidelik uiteengesit en bevestig word.

> *"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.*
> *Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang.*
> *Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.*

Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is.

Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het.

En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.

Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.

Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.

Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.

Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het.

